Kerkekonferensie van 5 Maart 2005

Die Skrifbeginsel agter die besluite van die Sinode van 2003 – 'n openhartige gesprek oor die gesag van die Skrif

Uitgegee deur die meewerkende kerke

Bestellings van hierdie stuk kan gerig word aan:
Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
Posbus 31527
Totiusdal 0134

Hierdie bundel is ook op die internet beskikbaar:
www.5maart2005.za.org

Navrae kan gerig word aan:
navrae@5maart2005.za.org
tel 012 332 4535

Gedruk deur
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

Inhoudsopgawe

Ter geleide 4

Die rots met die kerk daarop ..... Ds SA Cilliers 7

"In hulle (die profete) het die gees van Christus vooruit getuig ...." ..... Dr VE d'Assonville 13

Reformasie in die liturgie ..... Ds HLJ Momberg 39

Christus-regering in die kerk van Christus..... Ds GJ Meijer 48

TER GELEIDE

Die vraagstukke wat in hierdie bundel behandel word is nie nuut nie – dit is dieselfde vraagstukke wat al eeue gelede opgeduik het. Tans word dit net in moderne woorde en mondering as nuut opgedis.

Debatvoering na ‘n sinode is ook nie ‘n nuwe verskynsel nie. Waarin daar wel ‘n nuwigheid is, is dat sinode 2003 in koerantbespiegelinge, reeds voor die sinode, as ‘n waterskeiding aangedui is.

Waarom? Debatte na sinodes het die afgelope 20 jaar dermate in felheid toegeneem dat in Die Kerkblad gewag gemaak is van twee strominge in die kerk.

Die kern hiervan is uiteenlopende oortuigings oor Skrifbeskouing en Skrifgebruik. Die selfgenoegsaamheid van die Woord kom nou skerp onder die soeklig nadat die geldigheid van die belydenisskrifte wat met die Woord ooreenstem al hoe sterker bevraagteken word.

Toenemend word die belydenisse beskou as slegs aanduidings van hoe ons oor God en sy Woord voel. Daarom moet die Woord nou onder andere uit die werklikheid opnuut vertolk word. Die taak van die kerk is dan nou om die Bybel, wat die neerslag is van die “eerste hoorders”, te vertolk en eietyds toe te pas.

Intussen word die mens al hoe meer in die sentrum geplaas. Die sin van ons bestaan, die mens se saligheid, die mens se verstand en logika waarmee die Woord verstaan kan/moet word, word die aandrang dat kerke moet vernuwe om die mens se behoeftes te bevredig.

Hierdie probleem kan baie eenvoudig in een enkele bekende sin saamgevat word, wat hier vraenderwys gestel word:

Het “die Heilige Gees en ons het besluit” nou ‘n aksentverskuiwing ondergaan na “Ons en die Heilige Gees het besluit”?

Die antwoord hierop lê bo die mens in die Woord van God. Dit is hier waar die weë uiteengaan; waar dieselfde Skrifdeel gebruik word om teenoorstaande standpunte te verdedig. As dit sover is, dan is debatvoering dringend nodig sodat die waarheid in Christus weereens geproklameer kan word.

Gedurende die tussenkerklike gesprek wat na sinode 2003 begin is, het dit duidelik geword dat wat begin is vanweë 'n paar sinodebesluite, in werklikheid die diepgaande vraagstukke met betrekking tot die Skrif en belydenis ontbloot. Daarom is besluit op die konferensie, wat op 5 Maart 2005 (onder swaar vooraf kritiek) gehou is. Tydens die voorbereidende gesprekke is indringend besin oor die korrekte gespreksmetode en 'n begrip wat dit uitdruk. Daar is besluit op 'n konferensie waarmee net gesê word dat dit 'n openhartige gesprek is sonder enige besluitnemingsmag.

Die referente is versoek om voordragte te lewer oor die wese van die kerk, naamlik leer, diens en tug, terwyl die voorsitter versoek is om te open met die tema: Jesus Christus, die fondament van die kerk.

Die neerslag daarvan was vier voordragte wat 'n wonderlike eenheid vertoon, 'n eenheid wat in die Woord gegrond is. Daarom het die betrokke kerke na die konferensie op 5 Maart 2005 besluit om die voordragte as 'n bundel te publiseer en in dankbaarheid en met oortuiging aan te bied – met dank aan hulle wat die voordragte voorberei het.

Die redaksiekommissie het enkele voorstelle ter wille van groter duidelikheid aan die referente voorgelê. Dit het nie aan die inhoud, omvang of aard van die voordragte verander nie. Daar is 'n oënskynlike onewewigtigheid met betrekking tot die aanslag – in lengte, bronverwysings, toepassings ensovoorts. Maar ons meen dat dit eerder bevrugtend as andersom inwerk. Die bundel moet dan ook so as 'n eenheid gelees word as die vrug van 'n konferensie waaruit breedvoerige bespreking gevolg het. Die redaksiekommissie wat die publikasie moet afrond aanvaar daarom met groot vrymoedigheid mede-verantwoordelikheid daarvoor.

Ofskoon hierdie saak afgestem is op vrae in die GKSA is ons van oortuiging dat die bundel ook met groot vrug gelees kan word deur alle gelowiges wat ons belydenis deel en wat met dieselfde vrae worstel.

Mag dit groter helderheid bring sodat die Koning van die kerk geëer sal word.

Die Redaksiekommissie

Namens die meewerkende kerke:
Die Gereformeerde Kerk Waterberg (Dolerend)
Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
Die Gereformeerde Kerk Pretoria
Die Gereformeerde Kerk Ficksburg
Die Gereformeerde Kerk Hennenman
Die Gereformeerde Kerk Senekal
Die Gereformeerde Kerk Ventersburg

DIE ROTS MET DIE KERK DAAROP

Ds SA Cilliers (Voorsitter)
Waterberg

Skriflesing: Matt 16:13-23 Teks: Matt 16:18-19

13 En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?
14 En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete.
15 Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?
16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.
17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.
18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.
19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.
20 Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie.
21 Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.
22 Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!
23 Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

Ons leef in verwarrende tye. Alles word bevraagteken. Oor elke saak is daar meer as een standpunt.

Op die vraag: Wie is Jesus? is daar ook vandag verskillende antwoorde.

Dit is inderdaad die kernvraag. Die antwoord bepaal die bestaan en voortbestaan van die kerk. Vanuit die teksgedeelte wil ek u aandag vestig op:

1. Die Rots waarop die kerk gebou is
2. Die Kerk wat op die Rots gebou is

1. Die Rots waarop die kerk gebou is

Oor die Rots waarop die kerk gebou is, mag daar by ons geen onsekerheid wees nie, want dit gaan oor die grondslag van die kerk. Daarsonder is die Kerk geen kerk nie.

Hierdie uitspraak van Jesus oor die Rots waarop die kerk gebou is word duidelik as ons in ag neem dat hierdie woord tot Petrus kom direk nadat hy Jesus bely het as: “die Christus, die Seun van die lewende God”.

Daarby moet ons besef dat Petrus hier optree as mondstuk van die apostels tot wie Jesus die vraag gevra het: “Wie sê julle is Ek?”

Verder vind ons ook ander duidelike Skrifuitsprake waarmee die Skrif homself verklaar. In Efesiërs 2:20 lees ons die kerk is “gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is”.

In Openbaring 21:14 staan geskryf: “En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam”.

Ons hoef nie terug te val op die verskillende standpunte van mense nie, maar vanuit die Skrif self kan ons en moet ook ons bely: Die Rots waarop die kerk gebou is, is Christus soos die apostels Hom bely het. Wat hulle gesien en gehoor het en aan hulle geopenbaar is aangaande die Woord van die Lewe, wat by die

Vader was, dit is sy Seun Jesus Christus, het hulle verkondig en dit vasgelê in die Skrifte (1 Joh 1:1-4).

Reeds voor die apostels het Moses en die profete al van Hom geskryf.

Toe Filippus by Natánael kom, sê hy vir hom: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret" (Joh 1:45).

Dit bring ons by die Heilige Skrif, Ou sowel as Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God.

- Daardeur word ons wat vandag leef teruggebring tot die werklike Christus.
- Daardeur word die kerk saamgebind tot 'n werklike eenheid.
- Daardeur word die kerk gedra en daarmee staan of val die kerk.
- Daardeur word die kerk beheers sodat enige ander gesag wat hom laat geld – hoe groot of hoe klein ookal, die fondamente van die kerk aantas.

Dit is die rots waarop die kerk gebou is en tegelyk die toetssteen vir die kerk om ware kerk te wees. Aan die Korintiërs skryf Paulus: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor 3:11).

Daarom is ons nie hier byeen om verskillende standpunte oor bepaalde sake aan te hoor nie. Vir die kerk om kerk te wees is daar slegs een standpunt wat saak maak. Ons wil slegs hoor: So spreek die Woord en so verklaar die Woord homself oor hierdie saak.

Tussen al die storms wat woed kan ons slegs tereg kom by die enigste Rots. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. En ons moet oppas hoe ons op die Rots bou (1 Kor 3:10).

2. Die kerk wat op die Rots gebou is

Christus sê: "Op hierdie rots sal ek my gemeente bou". Hierdie gemeente (aldus vr en antw 54, HK) is die gelowiges uit die hele menslike geslag wat die Seun van God vir Hom tot die ewige lewe

uitverkies het en wat Hy deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe, vergader, beskerm en onderhou.

Daar is dus maar net een kerk en dit is die kerk op die Rots. Hierdie kerk bestaan uit gelowiges uit alle tale en volke en hulle vergader en verenig hulle in plaaslike kerke sonder om die volksgrense en taalgrense, wat God daar gestel het, tot niet te maak.

Hierdie teks is dus 'n skerp oproep tot ons en alle gelowiges om veral nou weer ernstig te besin oor die sondige geskeidenheid van kerke sonder om die Godgegewe verskeidenheid op te hef.

Die volgende is verder ook duidelik aangaande die kerk:

- Die kerk word deur Christus salig gespreek. Daarvoor het Hy as Saligmaker na hierdie wêreld gekom om hulle vervloeking op Hom te neem.
- Die kerk is sy duurgekoopte eiendom.
- Die kerk is die beliggaming van God se Koninkryk op aarde en sy dra ook die verantwoordelikheid om dié koninkryk, met die sleutels aan haar toevertrou, oop en toe te sluit.

Aangaande die sleutels sê Jesus aan die Skrifgeleerdes: "Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem" (Luk 11: 52).

Hiermee word die uitdrukking "sleutels van die Koninkryk van die hemele" duideliker.

Christus het bedoel: die kennis is self die sleutel tot God se Koninkryk.

Wie kan in die Koninkryk van die hemele binnegaan?

- Elkeen wat kennis het van sy eie sonde en ellende teenoor God se grootheid en heiligheid.
- Elkeen wat kennis het van God se verbond en van versoening alleen deur die voldoening van Jesus Christus as ons volkome Middelaar en Verlosser.
- Elkeen wat weet dat slegs God se genade in Jesus Christus ons nog kan red van die ewige ondergang.

Hierdie kennis is ‘n kennis waar jou hele hart en siel by betrokke is. Dit is geloofskennis en is soos ‘n sleutel wat die lewe in God se koninkryk vir jou oopsluit.

Daardie kennis was aan die skrifgeleerdes in die boekrolle van die Ou Verbond (dit is die wet van Moses, die Psalms en die profete) toevertrou.

Maar die wetgeleerdes het hulle sleutelposisie misbruik. Hulle het nie verstaan en die volk nie leer verstaan dat die skrifte in alles, in die wet, die Psalms en die profete, van Christus getuig nie.

Daarom het Christus die sleutelmag van die skrifgeleerdes weggeneem om dit aan sy apostels toe te vertrou.

Hy doen dit juis op die oomblik toe Petrus namens al die apostels van Jesus bely: “U is die Christus, die Seun van die lewende God!”

In ons tyd is dit opnuut ‘n uiters belangrike vraag: Waar vind ek die regte sleutels wat werklik in die slot van die koninkryk pas?

Dan moet ek nie na mense of na geboue kyk nie. Die enigste norm is:

- Waar word die Woord van Christus suiwer bedien met die oproep tot geloof en bekering?
- Waar word die ampsdraers aan God se verbondswoorde gebind en verplig om alles wat daarteen stry, te verwerp?
- Waar word die regte kennis aangaande Christus en sy verlossingswerk vir ons geleer?

Daar alleen vind u ook die poort en die sleutels na God se koninkryk.

Daarby moet jy jou onttrek van alle ampsdraers wat die sleutel van die kennis wegneem en vir jou die ingang in God se ryk moeilik maak – hulle vorm die teëbeeld van die kerk op die rots.

Dit is opvallend hoe Christus self die poorte van die doderyk en die sleutels van die hemelryk in Matteus 16 teenoor mekaar plaas.

Die poorte van die doderyk, daardie mag van dood en verderf waardeur die hele lewe verwoes word, het van die sondeval af ons oorweldig. As sondaars is ons midde in die dood.

Maar aan sy gemeente het Christus teenoor die poorte van die doderyk die sleutels van sy hemelryk gegee. Deur daardie sleutels word die onaantasbare lewe in die kerk oopgesluit; die Lewe waarop die dood geen vat meer kan kry nie; die Lewe wat verdien is deur die Seun van die lewende God self.

Dit is ontsaglik ernstig in die kerk, maar daarom ook ontsaglik mooi – daar word geveg:

- Vir die eer van God wat almagtig, soewerein en barmhartig is
- Vir die opbou van die kerk van Christus in hierdie wêreld
- Vir u redding!

In elke preek, in elke huisbesoek, tydens die katkisasies en by alle pastorale gesprekke, is Christus besig om te bewys dat die doderyk nie meer die laaste woord op aarde het nie, maar dat Hy met sy Koninkryk daarteen opruk. Dit is deur die herstelde gemeenskap met God en met mekaar. Daarmee soek Hy ook jou op.

Wie dit gelowig raaksien, wil nou niks anders nie as om aktief in die kerk van Christus te lewe en om reeds hier op aarde, die kragte en rykdomme van die koninkryk van die hemele te beleef. Mag God ook hierdie konferensie daartoe seën.

Loof, o my siel, en alles wat in my is,
loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys!
Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede,
vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Verhef die HEER, o al sy leërmagte,
sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!
Laat hemel, aarde en see en berg en dal,
waar ook sy septer swaai - laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe!
En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.
(Psalm 103:1,11 – berymd)

"IN HULLE (DIE PROFETE) HET DIE GEES VAN CHRISTUS VOORUIT GETUIG ..."

(1 Petrus 1:11)

Dr VE d'Assonville

Wat hier op die spel is, is niks minder nie as die gesag van Jesus Christus self, die gesag van sy Woord, ons geloof in Jesus Christus as God.

1 Inleiding - wrede wolwe onder die kudde (Hand 20:29)

Ons kinders leer van hom in die katkisasie. Maar dat hy bestempel is as 'n "verstoorder van vrede en vyand van God", is waarskynlik nie so bekend nie. Dat hy as biskop vyf keer verban was (in boeie afgevoer is bv in Trier - ofskoon hy tussendeur drie keer weer as biskop in sy amp herstel is), is waarskynlik by minder van ons bekend. Nogtans dra een van ons belydenisskrifte sy naam - die enigste van die ses[1] wat na 'n persoon vernoem is (Die ironie is dat dit eintlik die verkeerde belydenisskrif is wat sy naam dra - een wat sy ontstaan eers in 'n volgende eeu, ná sy lewe gehad het).

Ons praat van Athanasius, 'n biskop van Alexandrië in die vierde eeu (sedert 328). Alhoewel die vyande van die geloof in Christus-as-God hom as "verstoorder van vrede en vyand van God" afgemaak het, het die ander eretitel wat hy gekry het, sy tyd oorleef: Athanasius - vader van die regsinnigheid. En nie ten onregte nie. Selfs ten spyte van die boeie, die ontbering, die vervolging en die verlies van alles aards kon hy, in die woorde van Paulus, ook bely:

"Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles

prysgegee het en as vullis (*οκύβαλα*) beskou, om Christus as wins te verkry ..." (Fil 3:8).[2]

Aan die begin van die vierde eeu het die Christene pas ontkom aan sowat 300 jaar van openlike vervolging (veral van staatsweë, met die swaarste periode dié onder Diocletianus, keiser tot 305). Toe dit lyk - met Konstantyn die Grote se besluit om die christelike godsdiens te tolereer en self 'Christen' te word[3] - of die groot bedreiging van die kerk van Christus op 'n einde is, op dáárdie oomblik spring die wolwe uit en slaan hulle toe - in die kérk self.[4]

2 Dié Vraag

2.1 Die vraag aan die kerk

Wat was op die spel in daardie eeu van krisis, die vierde eeu, byna 1700 jaar gelede? Athanasius sou sê, alles, alles is op die spel.[5] Waaroor dit gegaan het, is die geloof in Christus, en spesifiek: die belydenis dat Christus God is.

Die vraag van alle eeue, dié vraag, die een wat Jesus Christus self in Matteus 16:15 vra ("Maar julle, wie sê julle is Ek?"), dié vraag word gestel

- aan die dissipels (Matt 16)
- aan die gemeente van Rome in 144 toe Marcion die kanon wou versnipper met sy valse vraagstelling (veronderstelde teenstelling tussen Ou Testament en Nuwe Testament)
- aan die kerk in die vierde eeu toe Arius en sy aanhangers Christus se Godheid nie wou aanvaar nie (Sinode van Nicéa in 325 ... en aan die daaropvolgende Sinodes)
- aan die Sinode van 2003 ... en die Gereformeerde Kerke in SA
- aan elkeen van ons ...

2.2 Die tweede eeu

En die antwoord van die kerk op hierdie vraag?

* Teenoor Marcion in die tweede eeu wat verkeerdelik werk met ‘n teenstelling tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament (en dit boonop onder die skyn van Skrifberoep doen), bely die Vroeë Kerk en daarby aansluitend die kerk van die Reformasie: die Ou Testament kan nie buite-om Christus gelees word nie.[6]
* Teenoor Marcion wat eiesinnig ‘n “nuwe” kanon wil skep, bely die Vroeë Kerk en daarby aansluitend die kerk van die Reformasie :
  die vashou aan die kanon synde belofte en vervulling.[7]
* Teenoor Marcion wat eiesinnig dele van die Bybel uitsny om by “sy” teologie in te pas waar God as Skepper afgemaak word en nie tot sy reg kom nie, bely die Vroeë Kerk en daarby aansluitend die kerk van die Reformasie:
  die vashou aan die band tussen skepping en verlossing (vgl Rom 5).[8]
* Teenoor Marcion wat eiesinnig twee gode verkondig (‘n tweederangse “skeppergod” van die Ou Testament - die sogenaamde demiurg - en ‘n glansende vader van Jesus Christus - die sogenaamde “verlossergod” - as god van die Nuwe Testament), bely die kerk dat die Verlosser een in wese is met die Skepper, soos uitgedruk in die Belydenis van Nicéa.[9]

2.3 Die vierde eeu

Die saak wat in die vierde eeu nie net die gemoedere gaande gemaak het nie, maar ook bykans die hele eeu in die groot Christologiese stryd aan die orde was, was die vraag van en oor Christus (Matt 16:15).[10] Dit gaan naamlik daaroor of Christus ook wesenseen met die Vader is, of Hy waarlik God is.[11]

Arius het in die vierde eeu gekom met die sogenaamde “subordinasie” (ondergeskiktheid) van die Seun aan die Vader (m.a.w. dat die Seun nie waarlik God is nie). Daardeur kom sowel die openbaring in Christus asook die verlossing deur Christus in gedrang. Athanasius bely daarteenoor egter tereg as die Seun nie ook waaragtig God is nie, dan kan Hy God nie aan ons openbaar nie. Die Ariaanse leer het nie net die waaragtigheid van die openbaring

in die gedrang gebring nie, maar ook die hele leer van die verlossing.[12]

Trouens, 'n oorsig van die historiese dokumente van destyds, spesifiek van Athanasius, toon die direkte verband tussen Christus as God en Christus as Openbaarder, asook tussen Christus as Verlossingsmiddelaar en Christus as Openbaringsmiddelaar, as antwoord op Arius wat die Godheid van Jesus Christus ontken het.[13]

3 Van die Vierde tot die Een-en-Twintigste Eeu

3.1 Christus as Openbaarder

Hou ons vas aan die Geloofsbelydenis van Nicéa en die verband tussen Christus as God en Christus as Openbaarder, dan roep dit vrae op ten opsigte van huidige teologiese neigings.

Is dit toevallig dat in die teologie, spesifiek in die verdediging van die 2001-omdigting, maar ook in die algemeen, Christus se eie uitsprake oor die Psalms nie genoegsaam verreken word nie? Is dit doelbewus dat ook die rol van Christus se Gees (die Heilige Gees - vergelyk byvoorbeeld die titel van hierdie referaat - 1 Pet 1:10-12) nie verreken word nie? Dat Christus self bekendmaak dat die Heilige Gees deur die profeet Dawid in Psalm 110 gespreek het (Matt 22:43 e.v.; Mark 12:36) - 'n hoofargument wat die onskriftuurlikheid van die omdigting aantoon - word óf stilswyend geïgnoreer, óf andersins word dit as Jesus Christus se "interpretasie" gesien,[14] óf eenvoudig as die eerste Christene se interpretasie[15] of daartoe gereduseer dat Jesus Psalm 110:1 "gebruik ... met verwysing na Homself".[16] Só kan een van die 2001-omdigting se adviseurs onder meer sê:

Die aanhaling [van Ps 31:6 deur Luk 23:46] dien Lukas se teologiese oogmerke ... Ons weet nie of Jesus dit self aangehaal het en of dit deur die Lukas skrywer in die mond gesit is nie.[17]

Ook die bewering dat ons in die GKSA nie met wesentlike verskille te doen het nie, hou nie genoegsaam rekening met Christus se eie uitsprake nie. By hierdie vraag gaan dit nie oor "alleen maar 'n verskil in interpretasie"[18] of verskillende aksente, soos wat sommige sê nie. Die verskille wat uitmond in verskillende beoordelings van die 2001-Psalmomdigting berus ook nie bloot op "uiteenlopende menings en gemengde gevoelens"[19] of "op 'n eksegetiese misverstand"[20] nie; ten diepste hou dit in dat Nuwe-Testamentiese uitsprake (o.a. deur Christus self en die apostels) nie as gesaghebbend aanvaar word nie[21] - 'n verskuiwing in Skrifbeskouing wat afwyk van die gereformeerde Skrifbeskouing, soos uitgedruk in ons belydenisskrifte. Daarom is daar nie, soos gerieflikheidshalwe in kerklike kringe gesê word, slegs met 'n paar Psalms (bv. 2, 22, 110, ens.) in die 2001-omdigting 'n probleem nie. Die Skrifbeskouing ten grondslag van die hele 2001-omdigting is problematies (Kyk byvoorbeeld hoe Christus weggedig is in Psalms 2, 31, 34, 35, 45, 110, ens.).

Die verskuifde Skrifbeskouing wat as grondslag van die 2001-Psalmomdigting dien, toon in terme van die uitgangspunt ("eerste hoorders ...") en die skeiding tussen Ou en Nuwe Testament meer gemeenskaplike trekke met die Skrifbeskouing van die sogenaamde "Nuwe Hervorming" as met die Skrifbeskouing soos ons dit bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis en in die Heidelbergse Kategismus.

3.2 Gemeenteteologie

Wanneer ons Christus se eie uitsprake, sy Woord, nie eerbiedig nie, dien ons nie die liefde en die waarheid nie en is ons ongehoorsaam aan sy opdrag in Matteus 28:19.[22] Wat hier op die spel is, is in werklikheid die gesag van die Woord volgens die Nuwe Testament (bv. Matt 22:43; Mark 12:36; ens.), die gesag van Jesus Christus self, ons geloof in Jesus Christus as God (vgl. die Belydenis van Nicéa).

Buig ons voor die uitsprake van Jesus Christus en sy apostels soos wat ons dit in die Woord ontvang het (ook in die bepaling van die

finale maatstaf vir eksegese), of nie?[23] Of word die Nuwe Testament (en eventueel die Ou Testament) tot 'n vorm van gemeenteteologie (Gemeindetheologie) verlaag?

Gemeenteteologie beteken, in eenvoudige woorde, dat dít wat ons in die Skrif lees oor die opstanding, ensovoorts nie regtig histories gebeur het nie, maar berus op oorlewerings van die 'eerste gemeente' (sogenaamde 'oergemeente') of die 'eerste Christene' se gevoel/ervaring/interpretasie ná daardie Paasgebeure.[24]

'n Illustrasie van hierdie gemeenteteologie vind ons in Die Bybel en Praktyk, wanneer kategories gekonstateer word:

Die idee van 'n messias was ... 'n nuwe gedagte in die tyd van die Nuwe Testament. [...] Ons moet daarom nie in hierdie psalms dadelik 'n voorspelling van Christus sien nie, maar weet dat dit 'n latere interpretasie is van die eerste Christene ...[25]

In sy standaardwerk oor die situasie onder die Jode in Palestina gedurende die tyd van Jesus en sy apostels, toon Foerster egter aan dat die idee van 'n Messias nié 'n "nuwe gedagte" in die tyd van die Nuwe Testament was nie, soos wat Die Bybel en Praktyk beweer. Die teendeel is waar:

Dit is onlangs as waarskynlik aangetoon dat Jes 42:1 e.v. en Jes 52:13 e.v. reeds in die tyd vóór die Nuwe Testament al op die Messias betrek is; dat daar van 'n lyding van die Messias [reeds] voor die uiteindelike totstandkoming [teweegbring] van sy heerskappy sprake was; dat aan hierdie lyding gedink is in terme van die versoening van die sondes van Israel. *Dat hierdie gedagtes net nog in [enkele] trekke herkenbaar is, het eenvoudig daarmee te doen dat die Jode in hulle stryd met die opkomende christelike kerk al die tekste wat op Jesus Christus kon dui met stilswye geïgnoreer het of dit in 'n nie-Christelike sin uitgelê het* (Vertaling en beklemtoning - VE d'A).[26]

Spesifiek met betrekking tot Psalm 110 bevestig Bible d'etude (2001) hierdie navorsing van Foerster, wat die Bybel en Praktyk-uitspraak weerlê:

Hierdie Psalm [110] ... se Messiaanse karakter [is] reeds vóór die christelike era deur die meeste van die Joodse verklaarders erken ...[27]

Behalwe vir die onbegronde wyse waarop ‘n teorie oor die “idee van ‘n Messias” as ‘n “nuwe gedagte in die tyd van die Nuwe Testament” hier in bogenoemde uitspraak in Die Bybel in Praktyk eenvoudig as ‘n feit aangebied word - die profesieë oor Christus in bepaalde Psalms word gesien as blote “latere interpretasie van die eerste Christene”, dit wil sê ‘n vorm van gemeenteteologie - hou dit dus in elk geval ook nie rekening met die internasionale navorsing nie. Hierdie gemeenteteologiese benadering vorm (bewustelik of onbewustelik) die agtergrond van die gedagte dat Jesus se hantering van (en ander Nuwe-Testamentiese verwysings na) Psalm 110 slegs “interpretasies” is, soos by verskillende geleenthede in Die Kerkblad gestel.

3.3 Die debat oor die Psalms - liefde, eenheid en waarheid

As Die Kerkblad werklik in liefde die eenheid en waarheid soek, is dit dan billik om die diskussie oor hierdie geloofsaak (“Debat oor Psalmomdigting”) in Die Kerkblad af te sluit,[28] en om hiérdie aankondiging op dieselfde bladsy te maak as ‘n artikel deur prof van Rooy waar hy ander skrywers by name van leuens beskuldig?[29] Van Rooy gaan nie ad rem op argumente teen die 2001-Cloete-omdigting in nie, maar werk met kras begrippe soos “onware”, “verdagmaking” en “wanvoorstelling” - en dan word met dié uitgawe die diskussie afgesluit? Selfs in die sekulêre pers word altyd geleentheid gebied om op aantygings en beskuldigings te kan reageer - dien dit dan die liefde om medegelowiges dié moontlikheid in Die Kerkblad by voorbaat te ontneem? Behalwe dat Van Rooy se hele argumentasie rondom Psalm 110:1 in elk geval in dieselfde uitgawe deur AH Bogaards[30] en P Coetzee[31] as foutief aangetoon word, leer die kerkgeskiedenis ons dat eenheid nooit bevorder word deur die eensydige afsluitings van diskussies nie.

Dien dit verder die liefde om in dieselfde asem “liefde” en “nederigheid” te bepleit terwyl diégene wat vashou aan Christus se woorde en die belydenis van ons enige geloof met die etiket van

"fundamentalisme" af te maak sonder om op die Skriftuurlike vrae (bv. oor die nie-aanvaarding van uitsprake deur Christus) in te gaan?[32] Word die diskussie, waar dit oor die eer van die Here en die gesag van sy Woord gaan, nie verhinder of in die doofpot gesmoor nie deur bloot met die etiket van "fundamentalisme" enige kritiese vrae te brandmerk[33] en te kom met die insinuasie van "godsdienstige ekstremisme"[34] wat as "tendens ... duidelik waarneembaar in ons kerke" is? Die jammerte van hierdie artikel deur Vorster is dat hy nie ingaan op die inhoudelike kritiek teen die Skrifbeskouing onderliggend aan die 2001-omdigting nie. Eerder opereer hy met 'n verkeerde teenstelling tussen "waarheid" en "eenheid"[35] en tussen God en sy Woord. Een voorbeeld:

Vorster maak in bogenoemde artikel die opmerking: "Hoewel die Skrif God se verbondsboek is, is die geloof nie gerig op die Skrif nie, maar op Christus as Verbondsmiddelaar".[36] Hierdie uitspraak gee blyke van 'n skynteenstelling tussen die Woord van God en die God van die Woord (asof 'n mens in God kan glo sonder om sy Woord te aanvaar of asof 'n mens die Goeie Herder se stem [Woord] kan gehoorsaam, sonder om in Hom te glo). Binne die gereformeerde belydenis is daar vir hierdie veronderstelde teenstelling eenvoudig nie ruimte nie (vgl. die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vr 21). Hierdie skynteenstelling (met sy wortels by Johann Salomo Semler in die 18de eeu) word egter deesdae meer dikwels gevind, bv. by B du Toit.[37] Du Toit, wat onder andere die gereformeerde Skrifbeskouing en opstandingsgeloof afwys,[38] sê: "Dit is ook so dat die vroegste belydenisskrifte nêrens sê dat ons **in die Bybel moet glo nie, maar in God**" [39] (Beklemtoning: BdT). Ook teoloë van die sogenaamde 'Nuwe Reformasie' werk met hierdie valse teenstelling tussen God en sy Woord.[40] Daarteenoor bely die gereformeerde kerke nog al die eeue dat ons glo in God wat Homself openbaar in sy Woord (Gallicana, NGB, Confessio Helvetica Posterior ens.).

3.4 Die sentrale vraag

In die Skrifbeskouing wat Vorster as oplossing aanbied deur te werk met die Skrif as "geloofsboek",[41] sluit hy egter sterk (bewus-

telik of onbewustelik?) aan by die offisiële Skrifbeskouing van die die GKN (Gereformeerde Kerken in Nederland), soos wat dit tot uitdrukking gebring is in hulle rapport God met ons ... over de aard van het Schriftgezag ... (1980) - 'n Skrifbeskouing wat eerder werk met die Skrif as geloofsboek as met die Skrif as Woord van God, soos ons dit ook bely. In hierdie Skrifbeskouing, met 'n relasionele waarheidsbeskouing ten grondslag daarvan,[42] gebruik Vorster uitdrukkings soos die "mens as volledige bondgenoot"[43] waarmee die konstitutiewe rol van die mens in die totstandkoming van die Skrif tot uitdrukking gebring word. Dit is 'n rol wat deur niemand anders nie as JH van Wyk nie lank gelede nie nog as Arminiaans bekryf is.[44] Wat Vorster egter presies bedoel, word duidelik wanneer hy sê dat dit "nie nodig of wenslik [is] dat ons omgaan met die Ou Testament soos die Nuwe-Testamentiese skrywers nie, ..." Presies dít plaas die Skrifbeskoulike punt waaroor dit in die 2001-omdigting gaan, op die tafel:

Glo ons Jesus Christus se openbaring? Glo ons dít wat Jesus Christus self en deur sy apostels openbaar, nie net oor ons verlossing nie, maar ook ten opsigte van sy Gees (bv. Matt 22:43 e.v.; Mark 12:36) en óók oor die profetiese waarheid van die Ou Testament?

Hierdie vraag is die sentrale vraag waaroor dit hier gaan. Hierdie vraag word al by herhaling sedert 2001 (ook op die Sinode van 2003) gestel. In die diskussie word hierdie vraag meestal vermy. Tog het die digter hom wel hieroor uitgespreek, waar hy by implikasie Matteus 22:43 e.v. en Markus 12:36 op grond van sogenaamde "nuwe navorsing" en op advies van sy "teologiese adviseurs" ontken.[45]

Glo ons sogenaamde "nuwe navorsing", of glo ons dít wat Jesus Christus sê?

3.5 Die kerk se antwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God

In Suid-Afrika speel 'n Ariaanse teologie, dat die Godheid van Christus ontken word, toenemend onderliggend (bewustelik of

onbewustelik?) 'n rol in Skrifbeskouing. Dit kom byvoorbeeld baie duidelik tot uitdrukking in Die Bybel in Praktyk en is in hierdie opsig tekenend van die agtergrond van die 2001-omdigting:

Onthou dit [die "vermeende" Nuwe-Testamentiese verwysings na Christus in die Psalmboek - VE d'A] was 'n interpretasie van die eerste Christene ná die dood van Christus.[46]

Dít is gemeenteteologie[47] - 'n gemeenteteologie waarvan die sogenaamde "Nuwe Reformasie" tans die konsekwensie trek deur die ontkenning van die opstanding (én die ontkenning van die res van die Apostoliese Geloofsbelydenis).

Die vraag oor Jesus, of Hy die Christus is, of Hy God is, dít is die vraag waaroor die kerk die hele vierde eeu in beroering was. In die verdediging van die belydenis, dát Hy as Christus God is, dáárvoor het Athanasius gestry, daarvoor het hy gely, daarvoor is hy vervolg, en daarvoor is hy vandag nog bekend as die vader van die regsinnigheid.

Teenoor Arius wat die Godheid van Christus en die Eenheid van God ("een in wese") ontken, antwoord die kerk van alle tye belydend, nasprekend, met die Skrif as Woord, met Matteus 16:16: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Die kerk kán met die Skrif as Woord antwoord, en as kerk weet ons ons móét met die Skrif as Woord antwoord, want, só sê Jesus Christus direk ná hierdie belydenis: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (Matt 16:17). Presies dít bely ons in die Geloofsbelydenis van Nicéa (die Heilige Gees "het deur die profete gespreek") en ook in art 3 NGB. Presies dít kom in gedrang met verskillende sinodebesluite.[48]

U is die Christus, die Seun van die lewende God. U is God! Dit bely die kerk alreeds by monde van Petrus. U is die Christus, (=) die Messias, (=) die Gesalfde. Let wel: *ὁ Χριστοζ*, dié Christus. Binne die konteks van die Skrif as Woord is twee sake duidelik: hiér word die Godheid van Jesus Christus bely (dát Hy God is) en dat Hy die Gesalfde is wat sou kom, volgens die Skrifte (1 Kor 15:3,4), die

Messias van wie Dawid onder leiding van die Gees in Psalm 110 getuig (Matt 22; Mark 12), die Christus.

Hierdie Christus, oor wie die groot stryd al sedert die Ou-Testamentiese tyd woed (vgl. Heb 11, spesifiek vers 26), hierdie Christus het die kerk van alle eeue bely. Hierdie Christus bely ons nog altyd in ons belydenisskrifte. Ons bely in die Niceanum (die Geloofsbelydenis van Nicéa), dat Hy "een in wese met die Vader is", ... en dat Hy "volgens die Skrifte [= volgens die Ou Testament, vgl. 1 Kor 15:4] opgestaan het".

Dít moet ons vashou: Die kerk van alle tye en die kerk oor die wêreld heen, bely uitdruklik - op grond van die Woord - dat die Skrifte, die Ou Testament, van Christus getuig. Die kerk van alle tye en oor die wêreld heen wil maar net in gehoorsaamheid aan en navolging van Christus self die Christus van die Skrifte bely.

Daarom bely die kerk in die Geloofsbelydenis van Nicéa nié dat ons finale maatstaf vir ons teologie, vir ons geloof, vir ons belydenis en vir ons kerksang die sogenaamde "eerste hoorders"[49] of "eerste lesers"[50] is nie (in elk geval is die idee van "eerste hoorders" 'n subjektiewe, spekulatiewe projeksie), maar wel dat die finale maatstaf die openbaring in Jesus Christus is, "die Seun" is, deur wie "God ... in hierdie laaste dae tot ons gespreek" het (Heb 1:1).

Vir Athanasius, die geloofsheld van die vierde eeu, was hierdie belydenis van die Godheid van Christus - óók in terme van sy Middelaarsrol in die openbaring - belangrik genoeg dat hy nie teruggestaan het toe dit boeie en verbanning beteken het nie, selfs op die ouderdom van byna sewentig jaar. Vir die apostels het hierdie belydenis in die meeste gevalle uiteindelik die marteldood beteken ... Arius daarenteen het die Godheid van Christus ontken; hy het die belydenis dat Christus "een in wese met die Vader is", ontken.

Die belangrike teologiese vraag vandag aan ons almal, of duideliker gestel: die belangrike geloofsvraag aan ons almal is die vraag van Matteus 16:15. Die antwoord op daardie vraag, wat ons in die Belydenis van Nicéa bely, trek 'n reguit lyn tussen twee absoluut

sentrale geloofsartikels van alle eeue (presies die twee wat deur die Nuwe Reformasie ontken word), naamlik Christus se Godheid (dat Hy "een in wese met die Vader is") en sy opstanding (dat Hy "volgens die Skrifte opgestaan het").

Dít is hoe die stryd tussen Athanasius en Arius ons vandag nog direk raak:

* Teenoor mense wat dink 'n mens kan die 2001-omdigting sing, sonder dat ons belydenis (dat Christus "een in wese met die Vader is") in gedrang is, bely die kerk: Christus as God en Christus as Verlossingsmiddelaar en Christus as Openbaarder kan nie geskei word nie.
* Teenoor mense wat dink 'n mens kan 'n omdigting sing, waaruit Christus verwyder is, bely die kerk: die Christus van die Skrifte en die Skrifte van Christus kan nie van mekaar losgemaak word nie.[51]
* Teenoor mense wat dink dat gemeenteteologiese voetnote die Christuslose Psalms regmaak, sonder dat dit ons verlossing raak (vgl. tipiese opmerking: as ek hierdie omdigting sing, sal dit mos nie keer dat ek hemel toe gaan nie), bely die kerk: ons belydenis sola Scriptura (deur die [hele] Skrif alleen) en sola fide (deur die geloof alleen) kan nooit van mekaar losgemaak kan word nie (vgl. die aanhaling hierbo: "Die Ariaanse leer bring nie net die waaragtigheid van die openbaring in gedrang nie, maar ook die hele leer van die verlossing").[52]

Die Skrifbeskouing onderliggend aan die 2001-omdigting verreken nie 1 Petrus 1:10-12, Romeine 1:2-4 en ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 12 nie, dat Jesus deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het ...[53]

Met die Skrifbeskouing onderliggend aan die 2001-omdigting kom niks minder in gedrang nie as ons belydenis soos in die Geloofsbelydenis van Nicéa, dat ons "Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ..., een in wese met die Vader" is - die eenheid

tussen die Seun en die Vader en dus die Godheid van Jesus Christus.

4 Enkele verdere opmerkings

4.1 Sola fide[54]

Wanneer ons bely dat die regverdiging deur die geloof alleen is (sola fide), dan is ons natuurlik by die hart van die Reformasie. Hierdie belydenis hang onlosmaaklik saam met die volgende:

> God openbaar Homself.
>
> Hy het eers deur sy profete gespreek.
>
> In die jongste tyd het Hy deur sy Seun gespreek (Heb 1).

God is dus ‘n sprekende God; Hy buig Hom af en praat met ons. Hy het Hom in sy Seun ten volle aan ons openbaar (vgl. Matt 11:27; Luk 10:22c; Joh 1:18; 5:37; 6:46).

Dat God ‘n sprekende God, ‘n Deus loquens is (Inst 1,7,4),[55] bring mee dat die kerk volgens die gereformeerde begrip ‘n kerk van die Woord is (CA 7;56 NGB art 29) - in teenstelling met die Roomse kerk wat ‘n sakramentskerk is[57] - en dat gereformeerde teologie altyd en slegs Woord-teologie is en wil wees,[58] anders is dit eenvoudig nie gereformeerde teologie nie. Die uitgangspunt, die vertrekpunt van die sosio-historiese metodologie is eenvoudig téén die gereformeerde belydenis,[59] omdat dit die finale maatstaf vir die verstaan van die Skrif búite die Skrif (sogenaamde eerste hoorders/lesers) neem.

By eksegese is dit uiteindelik ‘n geloofsvraag of ‘n mens die oorsprong van die Skrif as Woord by God sien (openbarings-histories in die oorsponklike sin van die term) en of dit slegs histories gesien word. Voorstanders van die sosio-historiese eksegese, wat in ‘n meerdere of mindere mate die oorsprong van die Skrif histories en nie openbaringshistories wil verstaan nie, is in hierdie aanname nie méér wetenskaplik as diegene wat die oorsprong van

die Woord by God bely nie. Inteendeel, die "Nuwe Hervorming" en die hele intergeloofbeweging bewys hoe onwetenskaplik 'n mens is wanneer jy nie wil erken (of dalk nie eers besef) dat jy met vooropgestelde vertrekpunte werk nie. Hierdie vertrekpunte het nie met wetenskaplikheid op sigself te doen nie, maar wel met geloof in Christus wat Hom deur sy Woord openbaar.[60]

Regverdiging deur Christus as enigste Middelaar (Heb; 1 Tim 2:3 e.v.; HK, Sondag 14) en enigste Hoëpriester (HK, Sondag 12) hang met ander woorde ten nouste saam met openbaring in en deur Christus as enigste Middelaar (HK, Sondag 6 en 14) en hoogste Profeet (HK, Sondag 12).

'n Mens kan nie dink of maak of jy in die Christus van die Skrifte glo (vgl. 1 Kor 15:3a, 4a) terwyl jy die Skrifte van Christus (1 Kor 15:3b, 4b) verwerp nie.

Dit is onmoontlik om vas te wil hou aan die reddende heilswerk deur Christus (1 Kor 15:1-4) sonder om terselfdertyd vas te hou aan Christus se Skrifopenbaring (1 Kor 15:3b, 4b).

4.2 Één Waarheid versus verskillende waarhede

Ons geloofsvertroue in Christus bepaal ons vertroue op sy Woord (HK, Sondag 7).[61] Hierdie geloof in Christus kom tot uitdrukking deur gehoorsaamheid aan die Goeie Herder se stem (Joh 10). "Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor 3:11). Slegs "deur Christus het ons toegang deur een Gees tot die Vader" (Ef 2:18) - die "ons" waaroor dit hier gaan, wat slegs "deur Christus toegang deur een Gees tot die Vader" het, is die kerk van alle tye, Jode en nie-Jode, Ou-Testamentiese én Nuwe-Testamentiese gelowiges. 'n Ander hoeksteen vir die kerk van alle tye (ook in die Ou-Testamentiese bedeling) is daar nie as slegs Jesus Christus nie (Ef 2:20).

Om net één van die stappe in die eksegese-proses te verhef tot die finale uitgangspunt maar ook tot die enigste maatstaf (soos by die 2001-omdigting)[62] beteken

* ons moet (a-histories) maar maak asof Christus nog nie gekom het nie, asof sy uitsprake oor die Psalms nie geldig is vir die omdigting nie
* ons sing, téén Christus se Woord in, byvoorbeeld Psalm 110, waarvan uitdruklik (vgl. die digter se uitsprake in die pers)[63] gesê word dat dit nie Messiaans is nie - dit deug dus net vir 'n sinagoge; intussen moet ons maar (op die spoor van Schleiermacher, vir wie die innerlike "afhanklikheidsgevoel" hier binne-in my die deurslaggewende is) tevrede wees en dink ek eer God wanneer ek sê, hier binne-in mý sing ék van Christus (terwyl ek 'n liedboek gebruik waarin "Messiaanse verwysings in sekere psalms nou op grond van nuwe navorsing verwyder is"[64])
* dat Spangenberg op 4 Februarie 2003 by die Universiteit van die Vrystaat aan die Odeion vol NG-predikante vertel hoe hy hom verheug oor die 1983-vertaling, deurdat die Messiaanse verwysings tog nou uiteindelik daaruit verwyder is.[65]

Ons moet onsself vra, of Johannes 8:58 (Jesus sê vir hulle: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek") en Johannes 1:3 (Alle dinge het deur Hom [= die Woord, nl. Christus as Seun van God] ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie) dan maar woordspel is, en of ons dit regtig glo. Was die geloof van al die geloofshelde (Heb 11) tevergeefs? Ook dié van Moses wat "die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning" (Heb 11:26)?

4.3 Dinamies-ekwivalent en sosio-histories

Miskien is een van die beste illustrasies van hoe daar in gereformeerde teologie en in sinodebesluite wegbeweeg is van die gereformeerde Skrifbeskouing soos ons dit in NGB art 3-7 bely, die feit dat die Nederlandse sinode-rapport God met ons wat in 1980 in die GKN aanvaar is, de facto nou ook by ons geld.[66] Met die rapport God met ons was uitdrukking gegee aan 'n Skrifbeskouing en

hermeneutiek (manier van verstaan), op grond waarvan Skrifuitsprake oor die kerk en etiek gerelativeer is.[67]

Twee begrippe en hulle inhoud bevestig aspekte van die verskuiwing in Skrifbeskouing: die begrippe dinamies-ekwivalent en sosio-histories. Met hierdie twee begrippe word die benadering en metodologie van onderskeidelik die vertaalmetode van die 1983-Bybelvertaling (dinamies-ekwivalent) en die heersende beginsel vir omdigtingswerk in die 2001-Psalmomdigting (sosio-histories) aangedui.

Beide hierdie begrippe werk met 'n finale maatstaf wat, in stryd met wat ons in art 3-7 NGB bely, buite die Skrif as Woord van God is:[68]

* In die geval van die dinamies-ekwivalente vertaalmetode (bv. die 1983-Bybelvertaling) is die maatstaf dat die reaksie van die huidige lesers (van die vertaalde teks) dieselfde moet wees as dié van die eerste lesers (van die oorspronklike teks).
* In die geval van die sosio-historiese eksegese (ten grondslag aan die 2001-omdigting) is die maatstaf dat die Psalms verstaan en omgedig word "soos die eerste hoorders dit sou verstaan het".[69]

Beide die dinamies-ekwivalente en die sosio-historiese benaderings werk met 'n projeksie wat ooreenstem met die deurslaggewende beginsel vir teoloë van die berugte "Jesus Seminar" in die VSA (bv. Crossan) - die sogenaamde "eerste hoorder/leser"-beginsel. Ook die sogenaamde "Nuwe Reformasie" sluit volgens hulle eie publikasies[70] en webwerf by hierdie beginsel en in 'n mindere of meerdere mate ook weer by die "Jesus Seminar" aan.[71]

Beide die dinamies-ekwivalente en die sosio-historiese benaderings volg 'n bepaalde taalfilosofie na (wat ironies genoeg klaar in Europa begin veld verloor het), om sogenaamd "ontvanger-geörienteerd" (met as maatstaf die eerste hoorder/leser-projeksie) te wees.

Hierdie benadering het meegebring dat iemand, soos die befaamde Ou Testamentikus van Potchefstroom, wyle prof Fanus (S) du Toit, ofskoon hy selfs voorsitter van die Interkerklike Bybelver-

talingskommissie was, hom van die 1983-Bybelvertaling onttrek het, omdat hy met Bybelvertaling uit eerbied vir die Woord nie die spekulatiewe vraag wou stel, hoe sou die eerste leser dit verstaan nie?, maar eerder die vraag wat met ons belydenis ooreenstem: Wat staan daar geskrywe?[72]

Sowel by die dinamies-ekwivalente vertaalmetode as by die aanvaarding van die sosio-historiese metode kom duidelik ‘n Skrifbeskouing na vore wat op sy beste Arminiaans is, nl. die gedagte dat die mens konstitutief betrokke is by die skep van waarheid (en by die ontstaan van die Woord), met ander woorde dat die mens (saam met God) die waarheid help skep; dat die oorsprong van die Skrif as Woord nie by God is nie, maar (ook) by die mens.

Met beide hierdie benaderings, dinamies-ekwivalent en sosio-histories, is nie net die Skrifgesag, met ander woorde Christus, ons goeie Herder, se gesag soos ons dit bely nie, maar ook die reformatoriese soli Deo Gloria (verbind aan die sola gratia, sola fide en sola Scriptura, wat saamtrek in ons belydenis deur Christus alleen) op die spel. Onderliggend dui dit op die idee dat die waarheid versnipper kan word - asof dit net oor een of enkele aspekte van die belydenis gaan en die ander onaangeraak bly. [73]

Kortliks, ‘n illustrasie van die resultate van die sosio-historiese metode:

In Johannes 14:6 sê Jesus Christus vir ons: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”.

In hulle boek, Die Nuwe Hervorming, sê Spangenberg dat hierdie uitspraak deel uitmaak van ‘n “kreatiewe skepping” van ‘n skrywer (nie Johannes nie!) wat in die eerste persoon praat. “Dit doen hy só kunstig dat lesers vir sy truuk val en glo dat hy ‘n ooggetuie van die gebeure was ...” Dan gaan Spangenberg verder met sy redenasie om tot die gevolgtrekking te kom: “ons kan hierdie teks (Joh 14:6) nie gebruik om te beweer dat ander godsdienste uit die bose is en ontdaan is van enige waarheid nie”.[74]

Dít verklaar waarom ‘n Skrifbeskouing soos dié uiteindelik daartoe lei dat sendingwerk nie gedoen mag word nie, want

Christus kan nie as die enigste Weg en Waarheid aanvaar word nie. Die ontstellende is dat aspekte van hierdie selfde Skrifbeskouing ook grondliggend is aan die 2001-omdigting, want een van die adviseurs daarvoor sê onder meer dat die woorde van Jesus in Lukas 24 (waar hy bekendmaak dat die Skrifte, die Ou Testament, waaronder die Psalms, van Hom getuig) deur die evangelieskrywer in sy (Jesus se) "mond gelê" is.[75]

Die idee om nog iewers iets van die geloof in die Here te wil of te kan oorhou, terwyl die Woord van die Here afgetakel word, was daar nog altyd en sal daar altyd wees. Die gedagte om te wil glo in Christus sonder om aan sy Godheid, ook as Openbaarder, te wil vashou, ken ons ook reeds van Arius in die vierde eeu af. Spreek dit dan nie van onkunde en/of onwetenskaplikheid en (veral) liefdeloosheid wanneer dié wat aan die belydenis vashou as "fundamentaliste" afgemaak word? K Runia se woorde is baie insiggewend en van toepassing op hierdie situasie:

Als we als orthodoxe gelovigen vasthouden aan de letterlijke betekenis van de woorden van die oude belijdenis, omdat wij in die woorden de taal van het Nieuwe Testament zelf horen, zullen we waarschijnlik 'biblicisten' en 'letterknechten' genoemd worden ... Anderen zullen ons 'fundamentalisten' ... noemen en zullen zeggen, dat we niet meegegaan zijn met de ontwikkeling in het menselijk denken. We zullen ons echter niet onder de indruk van zulke woorden moeten laten brengen. Want waar het op aankomt, is niet, of we in overeenstemming zijn met Tillich of Bultmann of wie ook maar van de hedendaagse theologen, maar of we in overeenstemming zijn met Paulus en Johannes, met de Apostolische Geloofsbelijdenis en die van Nicea, met Athanasius en Augustinus, met Luther en Calvijn, kortom met de hoofdstroom van het orthodoxe, op het Nieuwe Testament zelf gefundeerde Christendom. [76]

Ons moet tog nie dink hierdie is maar net bysake nie, asof die kerklied nie in die sentrum van die geloof staan nie: "Historisch gezien is het dogma voortgekomen uit de liturgie. Lang voordat de Christelijke kerk haar geloof vastlegde in bepaalde bindende formuleringen, had ze dit geloof al uitgezongen en beleden in

haar liturgie."[77] Om te dink ons kan Psalms sing waarin Christus doelbewus (volgens verskillende skrywes van die digter) uitgehaal is, impliseer 'n wegbeweeg van God se openbaring in byvoorbeeld Matteus 16:16 en 22:43. Die enigste finale maatstaf vir die omdigting is en mag en moet slegs die grondteks wees,[78] binne die verband met die hele Skrif, nie 'n buite-Bybelse (taal-)filosofiese projeksie nie.[79]

5 Slot

Ons ou Boerejagters het gesê, jy herken 'n leeu aan sy toonnael.[80] As jy die toonnael sien, weet jy, daaragter is die leeu én jy weet hoe groot die leeu is.

In hierdie sin word die uitdrukking ook hier gebruik. Op grond van 'n bepaalde Skrifbeskouing is dit teologies-histories noodwendig waarheen 'n bepaalde teologie uiteindelik in sy finale konsekwensies ook moet lei. Eers kom die "Skrifte" (1 Kor 15:3b,4b) en die gesag van die Skrif (die gesag van Nuwe-Testamentiese uitsprake oor die Here se openbaring) in gedrang, later die soendood en opstanding van Christus (1 Kor 15:3a,4a).

Die gereformeerde belydenis het in sy diepste wese nog altyd rekening daarmee gehou dat ons hele geloof (soos ontvang van ons Here, Ef 2) op die spel is, al dink ons (verkeerdelik) dit handel net oor iets hier of iets daar. Daarom was daar binne die gereformeerde belydenis nog nooit die teenstrydigheid tussen geloof en bely, tussen die Woord en die belydenisskrifte, tussen God in Christus en sy Woord nie.

En daarom kan ons van harte met Matteus 16:16 bely: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Voetnote

1 Die drie Ekumeniese Belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid.

2 LW, saam met 1 Tim 2:4,5 ["kennis van die waarheid" en "enigste Middelaar"] is die Skrif uitgesproke oor die Middelaarsrol van Jesus Christus as hoogste Profeet [HK, Sondag 12] - vgl Matt 11:27; Joh 14; Heb 1.

3 In die navorsing is die aard en omvang van Konstantyn die Grote se 'bekering' nog altyd omstrede.

4 Soos Christus self (Matt 7:15; 24:4,5; Mark 13:5,6,22) en die Skrif op verskillende plekke waarsku (Deut 13:1-3; Jer 23:9, 14-17; 2 Pet 2:1-3; 1 Joh 4:1).

5 R Seeberg, 1923. Lehrbuch der Dogmengeschichte3[= 3de uitgawe], 2. Band, S. 60.

6 "... auf die Verwerfung des A[lten] T[estaments] [reagierte die Großkirche] mit dessen christlichen Interpretation ..." W.-D Hauschild, 1995. Lehrbuch der Kirchen- und Dogmengeschichte, Band 1: Alte Kirche und Mittelalter. Gütersloh: Chr. Kaiser. S. 71.

7 Marcion "bestritt ... das heilsgeschichtliche Legitimierungsmodell der Großkirche - das Schema von Weissagung und Erfüllung - und schuf einen **neuen Bibelkanon** ..." (Hauschild, 1995:71; Beklemtoning - Hauschild). (Opmerking: in die 2001-omdigting is die belydenis van belofte-vervulling doelbewus losgelaat, soos dit uit die voetnote blyk.)

8 "Auf die Ablehnung des Schöpfergottes [reagierte die Großkirche] mit der Betonung der Zusammengehörigkeit von Schöpfung und Erlösung." (Hauschild, 1995:71.)

9 "Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde ... en in een Here Jesus Christus ... een in wese met die Vader …"

Wat by ons bekendstaan as die (Geloofs-)Belydenis van Nicéa is in werklikheid die Nicaeno-Constantinopolitanum (Niceens-Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenis), wat berus op die (oorspronklike) Belydenis van Nicéa (Sinode van Nicéa in 325) maar waarvan die finale formulering in 381 by die Sinode van Konstantinopel sy beslag gekry het - lg. is dít wat ons as die Geloofsbelydenis van Nicéa bely. Dit is die mees ekumeniese belydenisskrif in die wêreld, die enigste wat destyds sowel in die Weste as die Ooste erken is (behalwe vir die filioque-formulering) en tot vandag toe die enigste belydenis wat in die hele christelike kerk aanvaar word.

Ons bely hierdie belydenis (Belydenis van Nicéa) as een van die drie ekumeniese belydenisse (agter in ons Psalmboek).

10 "Maar julle, wie sê julle is Ek?"

11 Geloofsbelydenis van Nicéa (Niceens-Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenis):

"... ons glo in een Here Jesus Christus, [...] een in wese met die Vader, ..."

12 Vgl. LF Schulze, 19902[1978]. Geloof deur die eeue. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 57.

13 Vgl. Seeberg (1923:59); JND Kelly, 19932. Altchristliche Glaubensbekenntnisse: Geschichte und Theologie (Übersetzt aus dem Englischen). Göttingen: Vandenhoeck. (UTB). S. 205ff.; W.-D Hauschild (1995:27-46).

14 Bv. Bybellenium, p. 1226. Vgl. ook die Deputate vir Liturgiese Sake se formulering in Die Kerkblad, Jan 2004, p. 28.

15 Die Bybel in Praktyk, p. 854: Met verwysing na die "belangrikste vermeende (sic) verwysings na Christus in die Psalmboek" word die volgende gesê: *"Onthou dit was 'n interpretasie van die eerste Christene ná die dood van Christus"* (Beklemtoning - Die Bybel in Praktyk).

16 Vgl. by Psalm 110 se voetnoot in Psalmboek: Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2003. Wellington: NG Kerk-Uitgewers. p. 551).

17 Kopie van brief in my besit. Vgl. 3.4 en 4.3 hieronder.

18 HF van Rooy, Die Messiaanse karakter van die Ou Testament en Psalmberyming, Die Kerkblad, Apr. 2003 (38-40), p. 40.

19 JH van Wyk, Nuwe kerklied, Die Kerkblad, Okt. 2003, p.5.

20 PA Verhoef, Die neerdaling, die vrou en die kerklied, Die Kerkblad, Mrt. 2003 (21,22), p. 22.

21 Vgl. N Vorster, Op soek na 'n weg uit die fundamentalisme, Die Kerkblad, Aug. 2004 (27-29), p. 29.

22 "... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het."

23 Hier word die belangrikheid en die geldigheid daarvan om die onmiddellike tekstuele konteks - as één van die eerste stappe in die eksegetiese proses - in ag te neem, geensins bevraagteken nie. Die gereformeerde eksegese het nog altyd klem gelê daarop, dat 'n eksegeet in die uitlegproses grammaties-histories by die onmiddellike konteks moet begin. Om egter nou één stap van die erkende gereformeerde eksegese te verhoog en te verabsoluteer as die finale maatstaf vir eksegese, is 'n bepaalde afwyking van die gereformeerde belydenis. Die rede is onder meer dat hierdeur 'n ander reformatoriese eksegetiese beginsel, naamlik dat die heilige Skrif sy eie uitlegger is (Sacra Scriptura sui ipsius interpres) opsy geskuif word.

Ook op hierdie punt word deur die Skrifbeskouing onderliggend aan die 2001-omdigting (wetend/onwetend? bewustelik/onbewustelik?) afskeid geneem van die gereformeerde Skrifbeskouing soos wat ons dit in art 3-7 NGB bely. Dit is eenvoudig nie moontlik nie om die eenheid van die Woord (tota et una Scriptura wat deur die sola Scriptura veronderstel word) volgens art 3-7 NGB te bely en terselfdertyd te sê dit is "nie nodig of wenslik dat ons omgaan met die Ou Testament soos die Nuwe-Testamentiese skrywers nie ..." (Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 29).

24 Gemeindetheologie: "Theologie der urgemeindlichen Überlieferungen" (F. Hauck & G. Schwinge, 2002).

25 Die Bybel in Praktyk, p. 756.

26 DW Foerster, 19593. Das Judentum Palästinas zur Zeit Jesu und der Apostel (In DO Schmitz, Hrsg., Die urchristliche Botschaft. Eine Einführung in die Schriften des Neuen Testaments, 26. Abteilung: Neutestamentliche Zeitgeschichte, 1. Halbband). Hamburg: Im Furche-Verlag. S. 191-194. Foerster konstateer onder meer: "Es ist neuerdings wahrscheinlich gemacht worden, daß Jes 42,1 ff. und 52,13 ff. schon in vorneutestamentlicher Zeit auf den Messias bezogen wurden, daß von einem Leiden des Messias vor der endgültigen Durchsetzung seiner Herrschaft gesprochen und dieses Leiden als zur Sühnung der Sünden Israels geschehend gedacht wurde. *Daß diese Gedanken nur in Spuren noch zu erkennen sind, hängt einmal damit zusammen, daß im Kampf mit der werdenden christlichen Kirche das Judentum alle Stellen, die*

auf Jesus Christus gedeutet werden konnten, mit Stillschweigen übergangen oder in nichtchristlichem Sinn ausgelegt hat ..." (S. 193; Beklemtoning - VE d'A).

Vgl. verder HL Strack & P Billerbeck, 1928. Kommentar zum neuen Testament aus Talmud und Midrasch, Bd. IV,1. München: Beck'sche Verlagsbuchhandlung. 18. Exkurs: Der 110. Psalm in der altrabbinischen Literatur, S. 452-465.

Vir een van die beste besprekings oor die Christologiese aspekte rakende Psalm 110, vgl. B Holwerda, 1974. De Priester-koning in het Oude Testament. In "... begonnen hebbende van Mozes ..." Kampen: Copieerinrichting van den Berg.

27 Vgl. A Kuen, ed., 2001. Bible d'etude, Version Semeur 2000. Cléon d'Andran: Editions Excelsis. p. 849: "Ce psaume [110 - VE d'A] est le plus cité par le N.T., en raison de son caractère messianique, reconnu dès avant l'ère chrétienne par la plupart des interprètes juifs, ..."

28 Die "saak" kan nou "verder op kerkvergaderings behandel ... word", Die Kerkblad, Mei 2004, p. 25.

29 " 'n Onware voorstelling van die 2001-omdigting." Die Kerkblad, Mei 2004, p. 25.

30 AH Bogaards, Maar Jesus Christus sê "my Here" - Ons Here Jesus Christus verklaar self Psalm 110:1, Die Kerkblad, Mei 2004, p. 28-29.

31 P Coetzee, Adoni ('n belangrike persoon, my heer) of Adonai (my Here) in Psalm 110:1? Die Kerkblad, Mei 2004, p. 48.

32 Bv. N Vorster, Op soek na 'n weg uit die fundamentalisme, Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 27-29.

Waar die mortiere (beskuldiging van fundamentalisme) vroeër deur teenstanders van die gereformeerde belydenis, bv. die sg. "Nuwe Reformasie", gebruik is om die gereformeerde geloof aan te val, word dit nou skielik in eie geledere, in Die Kerkblad, afgevuur op dié wat wil vashou aan die belydenis dat Jesus Christus God is en dat sy Godheid en sy Middelaarsrol as Verlosser en as Openbaarder ten nouste en ten diepste aan mekaar verbind is (Matt 16:16, soos ons bely in die Belydenis van Nicéa; vgl. ook Matt 28:18: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde").

33 Vgl. die direkte verband wat Vorster plaas tussen kritiek op die 2001-Cloete-omdigting en "fundamentalistiese Skrifgebruik" in die inleidende paragraaf van hierdie artikel in Die Kerkblad van Augustus 2004, p. 27.

34 N Vorster, Die Kerkblad, Aug. 2005, p. 27.

35 N Vorster, Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 27.

36 N Vorster, Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 28.

37 B Du Toit, 2000. God? Geloof in 'n post-moderne wêreld. Bloemfontein: CLF.

38 Du Toit 'interpreteer' die opstanding as "spirituele voortbestaan van die mens ná die dood, as onvernietigbare energie wat op die een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God)" (Du Toit, 2000:152).

39 Du Toit (2000:63 - beklemtoning van B dT). Só ook C Burger met 'n soortgelyke teenstelling (en 'n vreemde konnotasie aan die begrip "belydenis" - vgl. maar net Rom 10:9,10): "Daarom dwaal ons af as ons eerder oor die belydenisse en die Bybel begin praat as oor God" (Kerkbode, 26 Nov. 2004, p. 11).

40 Vgl. Die Nuwe Hervorming, 2002:24-25: “Is dit nie ‘n geval van onbeskaamde boekeverering nie?” [by die “voorstanders van ‘die-Bybel-is-die-Woord-van-God’-benadering”]

41 N Vorster, Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 27.

42 Vgl. N Vorster, paragraaf op p. 28 regs bo, Die Kerkblad, Aug. 2004.

43 N.Vorster, Die Kerkblad, Aug. 2004, p. 28 links onder; dit herinner aan die Nederlandse “partner”.

44 J van Wyk, 1989. Die Woord is waardevol. Potchefstroom: PU vir CHO

45 Bv. in ‘n brief deur die digter self aan die Algemene Kerkbode, 11/12/13 April 2002, p. 5 asook in “Perspektief” (onderhoud deur Hanlie Retief met die digter) in Rapport, 4 Nov. 2001, p. 25.

Vgl. weereens die vroeëre aanhaling (3.1 hierbo; kyk ook 4.3 hieronder) van die skriftelike bevestiging van een van die adviseurs van die 2001-omdigting, wanneer hy sê: “Die aanhaling [van Ps 31:6 deur Luk 23:46] dien Lukas se teologiese oogmerke ... Ons weet nie of Jesus dit self aangehaal het en of dit deur die Lukas skrywer in die mond gesit is nie ...” (Kopie van brief in my besit - VE d’A).

46 Die Bybel in Praktyk, p. 854.

47 Gemeenteteologie as uitvloeisel van Rudolf Bultmann se invloed, soos daar pertinent op die Sinode van 2003 voor die Kommissie Liturgiese Sake getuig is.

48 Vgl. bespreking hieronder oor sosio-historiese metodologie.

49 Vgl. Acta Sinode 2003, p. 657.

50 Vgl. Spangenberg (2002:103).

51 Vgl. die insiggewende boek deur SU Zuidema, 1965. De Christus de Schriften en oecumenische theologie. Amsterdam: Buijten & Schipperhein.

52 LF Schulze (1990:57).

Vgl. verder in hierdie verband die onomstootlike getuienis van die verband tussen Christus as God, Christus as Openbaarder en Christus as Verlossingsmiddelaar in die stryd van die vierde eeu (Seeberg, Kelly, Hauschild), op grond waarvan die kerk finaal in 381 met die Niceens-Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenis (Belydenis van Nicéa) gekom het.

53 LW, ons bely nié dat Jesus Christus net Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes “gebruik” het “met verwysing na Homself” soos die voetnote sê nie (vgl. Psalmboek: Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2003. Wellington: NG Kerk-Uitgewers. p. 551). Ons bely dat Jesus deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het ... (HK, Sondag 12).

54 In hierdie punt word aangesluit by “Hoe behoort dit te wees? Die gesag van Christus - Reformatoriese lyne om uit die huidige verwarring te kom”, referaat gelewer tydens ‘n konferensie (“Om die uniekheid van ons enige geloof: Uitdagings vir gereformeerde Christene in Suidelike Afrika”) by die NG-Kerk Welkom-Wes op 2 Maart 2005.

55 Calvyn stel uitdruklik dat die "hoogste bewys van die Skrif in die algemeen uit die persoon van die Sprekende God daarin geput word ..." (Itaque summa Scripturae probatio passim a Dei loquentis persona sumitur". OS III,68,30-69,1. Inst. 1,7,4).

56 CA (Confessio Augustana), art 7: "... die kerk is die versameling van die heiliges, waar die Evangelie suiwer verkondig en die sakramente op die regte wyse [Duits:'lauts des Evangelii' - 'volgens die Evangelie', 'volgens die Woord'] bedien word ..." (Vertaling uit die Latyn - VE d'A).

"Item docent, quod una sancta ecclesia perpetuo mansura sit. Est autem ecclesia congregatio sanctorum, in qua evangelium pure docetur et recte administrantur sacramenta. Et ad veram unitatem ecclesiae satis est consentire de doctrina evangelii et de administratione sacramentorum [...]".

57 "Dat God 'n sprekende God (Deus loquens - Calvyn, Inst. 1,7,4) is, bring mee dat die kerk volgens die reformatoriese kerkbegrip 'n kerk van die Woord is (CA 7) - in teenstelling met die Rooms-katolieke begrip van die kerk as 'n sakramentskerk" (VE d'Assonville, 2001. Der Begriff 'doctrina' bei Johannes Calvin - eine theologische Analyse. Münster/Westf., Hamburg, London: Lit Verlag. S. 200).

58 Teologie vanuit die Skrif as "Woord van God", nie teologie oor die Bybel as "getuienisse oor Woord van God" nie.

59 Daar word, op grond van die sogenaamde sosio-historiese interpretasies besluit om in die eksegese van die Psalms met die oog op die omdigting die eenheid van die Woord (tota Scriptura) in te ruil vir 'n buite-Bybelse uitgangspunt, nl. "... deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het". Vgl. p. 280 van die Agenda Sinode 2003 asook Acta Sinode 2003, p. 657.

60 Vgl. VE d'Assonville, Deformasie? "Nuwe Reformasie"? Reformasie? Hervormsingsondag 2003 en 32 stellings oor die stand van gereformeerde teologie in Suid-Afrika. Waarheid en Dwaling, Nov/Des 2003, p. 11,12.

61 HK, Sondag 7, vr. 21:

"'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het [ook Matt 22:43 e.v.; Mark 12:36; Luk 24:25-27, 44-46; Joh 5:37-39; Hand 2:29-36; 13:33-35; 1 Kor 15:3,4; Heb 1; 1 Pet 1:10-12; 2 Pet 1:19-21 - VE d'A], vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan die ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het".

62 Vgl. 3.1 hierbo.

63 Rapport, 4 Nov. 2001, p. 25; Alg Kerkbode, 11/12/13 April 2002, p. 5.

64 Rapport, 4 Nov. 2001, p. 25.

JH van Wyk soek 'n oplossing in die volgende: "Elke keer wanneer ons 'n Psalm sing, 'vertaal' ons as 't ware in ons harte daardie Ou-Testamentiese Boodskap om by Jesus Christus uit te kom".

Hierdie benadering gaan mank aan 'n hele aantal leemtes, om enkeles te noem: Eerstens is dit tipies op die spoor van Schleiermacher om te dink 'n mens kan van Christus sing uit 'n liedboek waar Hy offisieel (vgl. die uitsprake van die digter) daaruit verwyder is. Dit help nie 'n mens sê, "in my hart sing ek van Christus, maar dit hinder

my nie dat Hy uit die omdigting self verwyder is nie". Tweedens is hierdie oplossing in stryd met die gereformeerde, openbaringshistoriese benadering, waar die latere openbaring altyd hoër gesag het as die vroeëre - asof ek in my hart by "Jesus Christus" moet uitkom (vgl. Van Wyk), terwyl ek Jesus Christus se eie uitsprake oor die besondere Psalm nie as gesaghebbend aanvaar nie.

65 Mondelinge uitspraak deur prof Sakkie Spangenberg tydens die Teologiese Dag van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat op 4 Februarie 2003 (Ekself het as spreker ook aan daardie bespreking en diskussie met Spangenberg rakende die sg. "Nuwe Reformasie" deelgeneem - VE d'A.).

66 Vgl. 3.4 hierbo, met as voorbeeld die artikel: "Op soek na 'n weg uit die fundamentalisme" in Die Kerkblad van Augustus 2004, p. 27-29. Vgl. ook Du Toit (2000:67).

67 Vgl. die proefskrif deur Koen Kyungkeun Lim, 2001. Het spoor van de vrouw in het ambt: Een historische studie naar de openstelling van het ambt voor de vrouw in de Evangelisch-Lutherse Kerk van het Koninkrijk der Nederlanden, de Nederlandse Hervormde Kerk en de Gereformeerde Kerken in Nederland (Theologie en geschiedenis). Kampen: Kok (Proefschrift, Theologische Universtiteit Apeldoorn).

68 Die RGG4 (Die Religion in Geschichte und Gegenwart, 4de Uitgawe) praat van 'n "[…] zunehmende[n] Einfluß sozial. u. literaturwiss. Fragestellungen […]" (RGG4, Bd. 2, Abschnitt: Exegese, Sp. 1785.) "Die antike Alltagswelt in ihren hist., rel., polit. und wirtschaftlichen Dimensionen wird ebenso wie die sprachliche Eigenwelt der Texte zu einem **maßgeblichen** Faktor des Verstehens." (Beklemtoning - Vd'A).

Vertaling: "... Die antieke alledaagse wêreld in sy historiese, religieuse, politieke en ekonomiese dimensies word net soos die direkte taalkonteks van die tekste die deurslaggewende maatstaf vir die verstaan [van die teks]".

69 Acta Sinode 2003, p. 657.

70 Vgl. P Müller, red., 2002. Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis.

71 Trouens, op die webwerf van die "Nuwe Reformasie" vind 'n mens die bruggie ("link") na die "Jesus Seminar".

72 Vgl. VE d'Assonville, sr., in VE d'Assonville & EA de Boer, reds., 2004. Ad fontes - Teologiese, historiese en wetenskaps-filosofiese studies binne reformatoriese kader. Acta Theologica, Supplementum 5, p. 202-216.

73 Verbinding van sola fide met soli Deo gloria = sanctificatio (vgl. 'n teologie van gehoorsaamheid i.p.v. 'n teologie van suspisie).

74 I Spangenberg, 2002. Die Bybel en die Nuwe Hervorming. In P Muller, red., Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea. p. 107,108.

75 Vgl. 3.1 en 3.4 hierbo.

76 Vgl. K Runia, s.a., Religie zonder God? Kampen, Kok. p. 130.

77 K Runia (s.a.: 7).

78 Soos offisieel en by herhaling bepleit tydens Sinode 2003, maar afgewys deur die betrokke kommissie vir liturgiese sake.

79 Om soos die digter te sê Psalm 119 is "deur 'n teoloog wat op Ps 119 gepromoveer het, verkort voor ek dit omgedig het" (Algemene Kerkbode, 11/12/13 April 2002, p. 5), is eenvoudig 'n afwyking van die grondteks wat op redes buite die Skrif om gebaseer is.

80 Ook Abraham Kuyper het ‘n boek met dié titel geskryf: Ex Ungue Leonem! (A Kuyper, 1882. Ex Ungue Leonem! Ofte Dr Doedes’ methode van Symbooluitlegging op een enkel cardinaal punt getoetst. Amsterdam: JH Kruyt).

In werklikheid word die eerste optekening van hierdie uitdrukking reeds uit die vyfde eeu vC by Sophron (in Grieks) gevind. Vgl. K Bartels, 20037. Veni Vidi Vici. Geflügelte Worte aus dem Griechischen und Lateinischen. München: DTV. S. 75: “Deesdae word die uitdrukking dikwels aangehaal in die sin daarvan dat ‘n vooruitbeskouing op grond van die begin van ‘n ontwikkeling oor die [uiteindelike] konsekwensie daarvan gemaak word” (Vertaling - VE d’A).

REFORMASIE IN DIE LITURGIE

Ds HLJ Momberg

1 Christus en sy ryke gemeenskap met sy bruid, die kerk, is bepalend vir wat in die erediens moet gebeur

Enkele jare gelede het iemand ‘n blaadjie van ‘n gemeente in die GKSA aan my oorhandig waarin twee ingrypende aankondigings aan die gemeente gemaak is. Die eerste was ‘n roerende dankwoord aan ‘n aantal broeders wat in die afgelope week die preekstoel afgebreek en verwyder het. Die tweede was eweneens ‘n roerende dankwoord aan ander broeders wat in dieselfde week ‘n verhoog vir die gemeente in die liturgiese ruimte opgerig het. ‘n Enorme transformasie het by daardie gemeente se samekomste plaasgevind. Woordverkondiging en verbondsgemeenskap met God moes plek maak vir aanskoulike lekker spirituele samesyn.

Ons belydenis van kerkwees en die uitlewing daarvan lui volgens die HK Sondag 21 dat die lede van die kerk almal tesame en elkeen persoonlik gemeenskap met Christus het. Hierdie gemeenskap vind plaas deur die Heilige Gees. Uit hierdie gemeenskap vloei die onderlinge gemeenskap van die lede van die gemeente voort. Die ampte en dienste wat die kerk ken is gerig op die opbou van die gemeente en die toerusting om haar taak uit te voer. Met die gawes wat die kerk van God ontvang, het ons ook die taak om in hierdie wêreld as die heilige volk van God te lewe, om van ons HERE te getuig en om ander mense vir Hom te win (J van Genderen en WH Velema, Beknopte Gereformeerde Dogmatiek, Kampen 1993, 615-622).

Waar hierdie gemeenskap met Christus verdring word, verloor die diens sy egte karakter as erediens. Om die erediens as gemeenskapsgebeure te behandel wil ek dit vanmôre vir u aanbied in die stel van drie onontbeerlike grondbeginsels:

a. Die samekomste van die gemeente moet eg verbondsmatig ingerig wees - egte geestelike geloofsgemeenskap met God.

b. Die samekomste moet aan ons gemeenskap met die kerk van alle eeue en alle plekke getrou wees.
c. Die samekomste moet binne die kragveld van die Heilige Gees plaasvind, wat ons met die onvervalste en ryke Woord van God wil vul - samekomste in Gees en in waarheid.

2 Die samekomste van die gemeente moet eg verbondsmatig ingerig wees

Die kerkdiens (of soos ons dit ken as die erediens) is die geordende samekoms van die kerk (gemeente) op vasgestelde tye (1 Kor 14).

Die Nuwe Testament ken verskillende terme vir die dien van God soos 'latreia' (erediens, diens - Joh 16:2; Rom 9:4; Rom 12:1; Heb 9:1; Heb 9:6), 'sebesthai' (vereer - Rom 1:25) en 'leitourgia'(bediening, diens, diensbetoning - Luk 1:23; 2 Kor 9:12; Fil 2:17; Fil 2:30; Heb 8:6; Heb 9:21). Vir die liturgie, die erediens waar dit nou vir ons om gaan, blyk dit kenmerkend te wees dat daar 'n vergadering van gelowiges (gemeente) is, wat saamkom (Heb 10:19-25). Die woord 'kerk' wat van die Griekse woord 'ekklesia' (uitgeroeptes) kom, wys al daarop. Dit is 'n kenmerkende verskil met die kultusdiens van die nie-christene wat in baie opsigte eintlik 'n individualistiese ding is.

Die Nuwe Testament gee aan dat die samekomste van die gemeente in die Naam van Jesus Christus van sentrale betekenis was vir die somtotaal van die denke, die doen en late van die Christene in hulle hele lewe. In die middelpunt van die hele Christelike lewe, wat die diens aan God is, staan die samekoms van die gemeente (Pieter Brunner, Zur Lehre vom Gottesdienst der im Namen Jesu versammelten Gemeinde, in Leiturgia I, Kassel 1952, 83-115. Ook C Trimp, De gemeente en haar liturgie, Kampen 1983, 53).

Dit gaan dus in die kerkdiens nie oor 'n kulties-sakrale gebeure, ver verhewe bo die normale lewe nie. Dit is nie spirituele mistiek nie. Die liturgie het tog 'n besondere plek in die hele lewe van die gelowige. Liturgie is nie 'n saak van 'n soort geestelikheid waarby die volk bloot toeskouers is wat vermaak moet word nie. Die

gemeente is self ‘n gesamentlik handelende “persoon” in die liturgiese gebeure.

Tog is die samekoms van die gemeente ook iets meer en iets anders as ‘n blote byeenkoms van godsdienstige mense. Dit is meer as ‘n saamwees van eenders-denkendes uit vrye assosiasie. Dit is ‘n samekoms in gemeenskap met God. Die gemeente kom immers saam in die Naam van die drie-enige God in wie se Naam die erediens begin, voortgesit en afgesluit word. Dit is selfs nog skerper - die samekoms met God is eg verbondsmatig, soos wat die Gereformeerde godsdiens dit verstaan en bely - nie Rooms of charismaties nie. Nie die mens wat sy prestasies vir beloning aanbied nie, nie die mens wat vir homself die bemagtiging vir sy sieleheil in heilige kompetisie teen ander afspog nie, nie die gemeente is die inisiërende party nie, maar God. In die kerkdiens kom die gemeente verbondsmatig saam omdat God haar daar bymekaar bring, omdat God haar uitgeroep het na Hom toe, uitgelei het uit die slawehuis van Egipte na Hom toe by Sinaï, uitgeroep het uit die duisternis na sy wonderbare lig. Ekklesia sê regstreeks dat die samekoms nie uit persoonlike behoefte en vindingrykheid van die lede spruit nie, en ook nie die vermaak van die gemeente in die oog het nie. Die kerkdiens is in die diepste sin van die Woord ‘n roepings-aangeleentheid, waar die mens alleen gehoorsaam moet opkom en aantree om te ontvang en uit te leef wat God vir ons in Christus gegee het. Daarom, ook al is die samekomste sosiaal van aard, is dit nie maar net ‘n sosiokulturele gebeure nie. Daarom is die inrigting van die erediens ook nie ‘n konsert met ‘n program en ‘n reeks items wat mekaar opvolg onder leiding van ‘n seremoniemeester nie, maar dit is die werklike, geestelike, gelowige gemeenskapsoefening met God en daarom ook met mekaar. God drie-enig is self met sy Gees teenwoordig in die genademiddele, die Woorddiens en die sakramente. Die ware gemeenskapsoefening met God kom tot stand alleen in Gees en in waarheid deur die geloof. Daar word in die samekoms nie alleen gepraat OOR God nie. Die heil en die genade word waarlik geskenk en in die geloof omhels.

Daarom is die liturgie nie net die geykte afhandeling van sekere vormpies of konsert-items nie. Sonder die werklike gemeenskapsoefening met God is die liturgiese vorme niksseggend en het nog

geen erediens plaasgevind nie. So word die karakter van die samekoms bepaal deur wat daar gebeur, naamlik die aanroeping van die Naam van die HERE, die beoefening van die gemeenskap, die verkondiging van die Woord, die breek van die brood (soos die eerste gemeente in Jerusalem - Handelinge 2). Dit onderstreep die heilskarakter van die samekoms en laat sien dat die samekoms alleen bestaan onder God se spreke en handel.

Naas hierdie handel van God, is daar ook die handel van die kant van die gemeente. God se verbond het deur sy inisiatief tot stand gekom en is daarom eenduidig van sy kant af in die instelling en daarstelling daarvan, maar dit is ook tweeduidig van weerskante af in die verdere voortsetting daarvan. Dit is immers die betekenis/bedoeling van die begrip verbond. Die gemeente antwoord op God se heilswerk en tree God se heiligdom binne op sterkte van die vrymoedigheid wat Hy ons in Christus gegee het, in gebed, in lied, in belydenis, in diensbetoon, in nederige gehoorsaamheid, in gewillige offerbereidheid om die taak waarvoor sy toegerus word voor God se aangesig as koninkryksburgers te gaan uitvoer in die lewe van elke dag. Dit is die eerste grondbeginsel van die gereformeerde erediens, dat dit eg verbondsmatig ‘n gemeenskapsgebeure met God en met mekaar is. Daarom is die smaak van post-moderne sosiale kultuur nie die konteks wat die erediens moet bepaal nie; ook nie die veranderende modes van die opkomende portuurgroepe met hulle begeertes nie, maar die genadeverbond van God wat in Christus Ja en Amen is vir alle tye en alle plekke.

3 Die gemeente is aan al die heiliges in die hemel en op aarde verbonde en die erediens moet daaraan uiting gee

Hierdie verbondenheid bring die gemeente op twee maniere liturgies na vore:

1. In eenheid van liturgie in die hemel en op aarde.

Met ons weeklikse samekomste hier op aarde neem ons deel aan die liturgie wat sedert Christus se hemelvaart in die hemel plaasvind

en waaraan die gelowiges wat reeds ontslaap het asook die engele deelneem. Die eintlike liturgie vind plaas en verkry sy fokus in die hemel waar Christus sy koninklike en hoëpriesterlike ampsdiens verrig (Heb 8:2, 6) sodat dit vir alle tye steeds geldig sal bly dat daar blydskap in die hemele is wanneer op aarde een sondaar tot bekering kom. Nadat Christus sy enige soenoffer eenmaal en vir altyd in die hemelse heiligdom ingebring het, bly daar vir die kerk die voortdurende lofoffer oor, die vrug van ons lippe, asook die dankoffer van ons hele lewe wat uitkom in ons daaglikse dankbaarheidslewe van weldadigheid en mededeelsaamheid (Heb 13:15-16).

Die besef dat die liturgie in die hemel en ons kerkdiens op aarde één liturgiese gebeure is, moet ons ook voorskryf in die vormgewing van ons kerkdiens. As ons in die erediens bymekaar is, sluit die hemelse en die aardse in een omvattende ruimte bymekaar aan. Ons nader volgens die Hebreërbriefskrywer die berg Sion, die stad van die lewende God waar sy tienduisende engele is, waar die plegtige vergadering van sy eersgeborenes plaasvind wat in die hemele opgeskrywe is. Ons nader tot God, die Regter oor almal, tot Jesus, die Middelaar van ‘n nuwe verbond en tot die bloed van die besprenkeling wat kragtiger spreek as dié van Abel. Ons tree toe in die diens van die versoening (Heb 12:22-24). So is daar ‘n eenheid van liturgie in die hemel en op aarde.

As Christus aan die Sadduseërs sê dat God nie ‘n God van dooies is nie, maar van lewendes (Mat 22:32), het Hy dit daar in verband gebring met Abraham, Isak en Jakob - om aan te toon dat die gelowiges van die Nuwe Testament ook ‘n lewende en ewige geloofsgemeenskap met hierdie geloofsvaders het wat hulle eeue tevore reeds vooruitgegaan het. Sy verhouding van destyds met hulle het nou nog nie geëindig nie. Sy verhouding met hulle was in ooreenstemming met die wyse waarop Hy Homself later weer aan hulle nasate by Sinaï bekend gemaak het en sy wet aan hulle gegee het. Daarom mag die wet wat toe alreeds die evangelie van die HERE Jesus Christus was - soos ons dit in die HK Sondag 6 bely - in die erediens van die Nuwe Testamentiese kerk nie uitgeskakel word

nie. Die geaardheid van die genadeverbond is vir gelowiges van alle bedelings en tye dieselfde en moet ook so uitgeleef word.

2. Daar is ook 'n tweede sin waarin ons erediens verbonde aan die kerk van alle eeue en plekke moet wees.

Die aanroep van die Naam van die HERE het nie by ons begin nie. Baie heiliges het ons reeds hierin voorgegaan. Daar is 'n lang geskiedenis van liturgie op aarde van die begin van die wêreld af wat sal deurgaan totdat Christus met die wolke sal kom. Daarom sing die gelowiges van alle eeue telkens weer by die oopbreek van die seëls van die heilsgeskiedenis die lied van Moses en die lied van die Lam (Openb 15:3). 'n Ontelbare skare van gelowiges deur die eeue sing met een stem die nuwe lied van die lof van God weens sy groot dade. So, te midde van baie hedendaagse verskeurdhede, is dit belangrik dat die gemeente die band met die kerk van alle eeue in die liturgie bewaar. Dit rig ons eerste op die diens van die versoening en op die dankbare lewe toegewy aan God. Binne hiérdie konteks - nie die konteks van ons verbygaande mode nie, maar in die konteks van die genadeverbond - word aandag gevra ook vir ons nood en vir die van die wêreld soos die HERE Jesus ons in sy gebed geleer het (Joh 17:18-21). Wanneer kerke dan byvoorbeeld die eis van die vierde gebod opsy skuif, deur die verlustiging van God weg te leef, af te skaal, en die skeppingsrus van die sewende dag te negeer, of wanneer hulle die skriftuurlike orde oor die kerklied (KO art 69) sommer net ignoreer en ander besluite daaroor neem, dan bevind hulle hul meteens in die dilemma dat hulle die gemeenskapsband met die kerk van alle eeue en alle tye deursny (G van Rongen, Met al de heiligen I/II, Barneveld 1990, 13-36).

Die Woord van God moet in alle gebeure daarvan onvervals (1 Petr 2:2) en ryklik (Kol 3:16) sentraal staan

Die samekoms van die gemeente is die werkswinkel van die Heilige Gees en die kragveld van die Woord. Dit is in hierdie samekoms dat Christus destyds met Pinkster sy Gees uitgestort het

(Hand 1 en 2). Daar kom hulle saam om in die Woord waaraan die Heilige Gees ons herinner (Joh 14), onderrig, getroos en vermaan te word. So was dit ook Jesus se onderrig dat ons veel vrug sal dra as ons in Hom bly en sy Woord bewaar. Sou ons sy Woord verswak, vervals of vervang, dan amputeer ons onsself van Hom met die gevolge daarvan soos Hy dit in Johannes 15 verwoord het. Daarom kan daar geen groter kerkmisdaad gepleeg word as wanneer die gemeente van God se ryke onvervalste Woord ontneem word nie. Dit was die groot ellende waarin die Rooms-Katolisisme die kerk ingedompel het. As gevolg daarvan het Sola Scriptura as slagspreuk in die tyd van die Reformasie ontstaan.

Die uitspraak van Luther in sy preek by die ingebruikneming van die slotkerk te Torgau (1544) is al dikwels aangehaal. Hy het gesê (in Afrikaans vertaal): Niks anders kan hier aan die orde wees as dat ons geliefde Here self met ons spreek deur sy heilige Woord en ook ons weer met Hom spreek deur gebed en lofsang nie (Luther, WA 49, 588, 15-18).

Die Woord van God lê dus ten grondslag aan die hele erediens en moet weerklink in alle onderdele van die diens. Guido de Brès, het na aanleiding van die Confessio Gallicana, gereduseer uit Calvyn se Institusie boek 4 (o.a. hoofstukke 1 en 2), hierdie as die eerste kenmerk van die ware kerk uitgelig (NGB art 29). Dit spreek dan vanself dat ons in alle dele van die inrigting van die diens vashou aan die leer van die Ou en Nuwe Testament wat saamgevat is in die geloofsbelydenis en die Drie Formuliere van Eenheid, wat ons onderskryf, onderteken en omhels omdat dit met die Skrif ooreenkom. Hiervolgens bepaal ons nie net wát alles in die erediens moet plaasvind nie, maar ook hóé dit moet plaasvind. So wil ons gehoorsaam leef in die ewige sabbat wat vir ons in Christus Jesus aangebreek het. Dit mag nie vir ons gaan oor die streling en vermaak van die menslike gemoed of begeerte nie, nie oor wat deur die mens as lekker vasgestel word nie, maar dat die God van verlustiging Hom in sy bruidkerk verlustig en ons met sy lewe-wekkende en tweesnydende heerlikheid vervul, sodat sy bruidkerk gereinig en geheilig toegerus haar roeping gaan vervul.

Dan is die kerk nie net ‘n reaktor op die dinge van die wêreld nie, maar eintlik die leidinggewende, die aktiewe sin-gewende, die smaakgewende reformator van die samelewing en die kultuur (Mat 5:13-14). Die HERE het dit presies so aan sy profeet gesê: “… Laat húlle na jou terugkeer, maar jy moet nie na hulle terugkeer nie” (Jer 15:19).

Daarom mag ons nie toelaat dat die kudde van die goeie Herder van die stem van die goeie Herder beroof word nie. Om Bybelvertalings vir gebruik aan te beveel wat wesentlike openbaringsrykdomme uit die Skrif wegvertaal het omdat dit by die beperkings van afgemerkte portuurgroepe moet aanpas, is om God se kudde te ondervoed en te wanvoed. Om liedere vir gebruik in die kerke aan te beveel waar die openbaringsrykdomme van die Skrif verwyder, verduister en verdraai word, beroof die kerk van die onvervalste melk van die Woord van God wat mense moet lewend maak en voed.

Al so dikwels in die geskiedenis het by die inrigting en die inhoud van die eredienste hierdie berowing en verleiding plaasgevind, dat daar by die Sinode van Dordrecht (1618-19) by die ordening hiervan sekere besliste praktyke onderneem is:

- Vanweë die herhaalde afwykings van hierdie leer, wat gedurig deur die vrye liedere in die kerk ingedra is, is onderneem dat slegs geskikte Skrifliedere in die kerke gesing sal word (KO art 69).
- Vanweë die herhaalde afwyking van die gesonde leer by predikante asook die gemeentes is afgespreek dat die hoofsake van die volle geloofsleer deurlopend elke Sondag in ‘n tweede samekoms gepreek sal word (KO art 68).
- In die vryheid van die inrigting van die sakramente het herhaaldelik afwykings van die egte voorstelling en belewing van die verbondsgemeenskap met God in Christus plaasgevind. Daarom het die kerke mekaar daaraan vasgehou dat ons moet oppas om nie af te wyk van voorskrifte en seremonies wat Christus ons beveel het nie (KO art 62).
- Aangesien die diens van die gemeente onder leiding van die ampsdraers moet plaasvind, moet ons daarmee rekening hou

hoedat Christus Homself by sy Bruid wil laat bedien en daarvoor eksplisiete reëlings in sowel die Ou en Nuwe Testamente getref het. Daar is gewigtige skriftuurlike redes waarom die sinode van Middelburg in 1581 die besluit om die vrou in die amp van diaken in te stel, herroep het nadat sy 13 jaar tevore by die konvent van Wesel in die amp verkiesbaar gestel was.

Slot

Volgens Openbaring 3 was daar in die gemeente van Laodicea ‘n ernstige probleem. Hulle was in hulle erediens met selfmoord besig omdat hulle met hulle godsdienstigheid Christus verdring het. Hy, as die kern en wentelpunt van die erediens, is stelselmatig deur die gemeente met hulle liturgiese handelinge verdring sodat hulle daar ‘n veragtelike samekoms was waarby Christus aan die deur moes klop om in te kom. Die waarskuwende wekroep van Christus is dat hulle hul moet bekeer, anders skeur hulle hulleself weg van Christus en word deur Hom uitgespuug. Terugkeer na God se roepstem - dan moet ons vashou en uitleef wat ons van God ontvang het:

a. Dat ons liturgie die egte verbondsgemeenskap met God in Christus Jesus onderhou.
b. Dat ons liturgie ook in verbinding moet staan met die kerk van alle eeue en plekke.
c. Dat ons liturgie van begin tot einde in die kragveld van die Heilige Gees sal geskied waar Hy deur sy ryke onvervalste Woord met ons die sabbatsverlustiging hou en ons met sy heerlikheid volmaak.

So wil ons dankbaar Gereformeerd bly, toegerus vir ons roeping as mede-erfgename van sy genade in Christus Jesus onse HERE.

CHRISTUS-REGERING IN DIE KERK VAN CHRISTUS

Ds GJ Meijer

Selftug en tug in die gemeente moet in lyn wees met tug in die kerkverband

Klimaat

Om op ‘n objektiewe basis vanuit ‘n lugverkoelde studeerkamer oor die Christus-regering en die hantering van die kerklike tug te praat, is nie ‘n onmoontlike taak nie. Die Skrif is duidelik oor hoe Christus sy kerk regeer en hoe Hy wil sien die tug bedien moet word. Ons belydenis is eweneens duidelik daaroor. Relevante literatuur is volop. Ons sal waar en mooi dinge vir mekaar kan sê.

Die feit is: hierdie saak moet vanoggend binne ‘n konkrete situasie bespreek word. Die konkrete situasie het op party plekke in ons land en in die harte van heelwat gelowiges kookpunt bereik. Kookpunt is nie oornag bereik nie, maar weens opgehoopte frustrasie, verontregting, bespotting, toedigting van allerlei motiewe en bymotiewe en selfs moedeloosheid. Kookpunt bereik oorkookpunt wanneer gelowiges hulleself afvra: waarheen moet ons ons wend, waar vind ons ‘n kerklike tuiste? As gevolg hiervan word woorde soos ‘terug na die seringboom toe’ en ‘tot hier toe en nie ‘n tree verder nie’ hier en daar en oral gehoor. Dit word nie net in die GKSA gesê nie, maar (op ‘n ietwat ander manier, maar met presies dieselfde bedoeling) ook in die NG Kerk. Daarvan het ons bewus geword tydens ‘n Teologiese Konferensie wat die afgelope week by die NG Kerk Welkom-Wes gehou is.

‘n Refleksie op hierdie onrus-klanke het sy neerslag gevind in Die Kerkblad van Maart 2005, wat sopas die lig gesien het. Prof A le R du Plooy wy ‘n artikel aan vandag se konferensie (p 18 vv).

Die titel daarvan is: KERKeenheid, KERKverband, KERKskeuring. Hy skryf onder andere: 'Ek wonder regtig of ons nog genoeg erns maak met die eenheid van die kerk, ook met ons onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar, veral as ons van mekaar verskil. Doen ons dinge reg? Mense sou argumenteer dat ons bo alles die waarheid moet liefhê, maar deel van die waarheid is ook eenheid. Is dit in lyn met ons gereformeerde wyse van kerkregering om konferensies oor sinodebesluite te hou? Hoe kan dit die eenheid en waarheid dien as dit hoofsaaklik ondersteun en bygewoon word deur almal wat reeds besluit het dat die sinodebesluite nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie? Dit lyk al te veel na 'n mobiliseringspoging. Hoe verskil dit van die vorming van partyskappe binne ons kerkverband?

… Ons het nêrens afgespreek dat konferensies die weg of metode moet wees waar kerklike sake behandel sal word nie, veral nie wanneer daar sulke ernstige beskuldigings gemaak word dat die besluite in stryd is met die belydenis en verskeurend van aard is nie! Waarom word die ooreengekome weë wat in die kerkorde aangedui is, en waaraan ons ons almal verbind het, nie gevolg nie? Miskien sal iemand beweer dat die sake later ook op die kerkordelike manier – byvoorbeeld in sinodes – aan die orde gestel sal word. Dan bly die vraag nog steeds: Waarom word dan naas die meerdere vergaderinge waarin al die kerke in die verband van die GKSA verteenwoordig sal wees so 'n onordelike metode gevolg? Onordelik omdat die kerke wat belang het by die saak nie ordelik deur die roepende kerk – wat deur al die belanghebbende kerke aangewys is – opgeroep word nie, omdat almal wat belang het by die saak nie daar wil of kan wees nie, en selfs behoort te wees nie en omdat dit in stryd is met die onderlinge afspraak (art 86 KO). Kerke-konferensies het geen kerkregtelike status nie, en kan dus geen besluite neem wat bindend is nie'. Tot sover prof du Plooy.

In dieselfde Kerkblad staan 'n gesprek opgeteken wat die redakteur met prof JM Vorster gehad het (p 10). Die redakteur vra: 'Bied die kerkreg aan ons enige uitweg uit die dilemma waar die meerderheid van 'n kerkvergadering van oordeel is dat 'n bepaalde

besluit Skriftuurlik verantwoord is, terwyl die minderheid van mening is dat daardie besluit onskriftuurlik is?' Prof Vorster antwoord: 'Hieroor kan 'n mens baie sê, maar ek volstaan met twee sake. Eerstens dink ek dat die sinodes hulle met te veel sake besig gehou het wat op mindere vergaderings hanteer kon word. So het die vryheid van plaaslike kerke in gedrang gekom. Ek is daarvan oortuig dat baie meer sake oorgelaat kan word aan die vryheid van die plaaslike kerk. Veral waar 'n sinode nie duidelikheid oor 'n saak het nie moet die hantering van die saak oorgelaat word aan die vryheid van die plaaslike kerk wat as mondige kerk in die lig van die Skrif onder leiding van die Gees daaroor kan besluit. Ek noem 'n voorbeeld: Enkele jare gelede het die sinode gesê dat hy nie duidelikheid het oor die gebruik van bekers of kelkies by die Nagmaal nie. Twee sinne daarna besluit die sinode egter dat die kerke hulle moet hou by 'n vorige besluit dat slegs die bekers gebruik kan word! Dit is gewetensdwang en druis in teen een van die grondbeginsels van gereformeerde kerkregering.

By die laaste sinode het ek 'n kentering bemerk waar die sinode enkele sake wel oorgelaat het vir die plaaslike kerke om oor te besluit. Wanneer die sinode egter wel 'n besluit geneem het moet ons die besluit sien as 'n onderlinge ooreenkoms tussen kerke en elkeen moet hom by die onderlinge ooreenkoms hou totdat hy/sy die sinode oortuig het dat die ooreenkoms nie beginselgronde het nie. Dit is tog wat kerkverband beteken. Om sinodebesluite te ignoreer is onordelik en kerkafbrekend.'

'n Laaste stukkie refleksie op die dilemma wat vandag hier ter tafel is, vind ons in 'n brief wat adv Zachia Eloff van Bloemfontein geskryf het, en wat eweneens in die Maart-uitgawe van Die Kerkblad verskyn. Onder die opskrif 'Die GKSA en eksklusiwiteit' stel sy dat dit vir haar tyd geword het om 'n besluit te neem of sy 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk gaan bly of nie. Sy is 'n gebore en getoë Dopper, maar worstel met die vraag of sy 'n verskoning het vir die eksklusiewe wyse waarop sy in kerkverband haar geloof beoefen. Met eksklusiwiteit bedoel sy 'reëls van insluiting en uitsluiting. Waarom steeds aanhou stry oor formalistiese detail

soos nagmaalkelkies, waarom die gestry in sekere gemeentes oor nuwe omdigtings van die Psalms? Daar word, in my beskeie mening, soveel tyd en aandag bestee om seker te maak dat die leer suiwer bly dat ons die doel van Christenskap begin miskyk. Dra die intense soeke na suiwer leer werklik aktief by tot die taak om God se koninkryk op aarde te laat kom? … Dit is my intensie om die Geref. Kerke te verlaat omdat ek voel die beheptheid met reëls en regulasies, die rigiditeit, is besig om soos 'n ma te word wat haar eie kleintjies doodlê'.

Dis duidelik: die klimaat waarbinne ons praat, is nie heerlike kamerteperatuur van 25 grade nie. Ons sit in 'n drukkoker. Daaroor stem almal saam. Binne-in die drukkoker waarvan die stoom op menige plek gevaarlik begin uitblaas, moet ons praat oor bediening van die Christelike tug in die kerk van Christus. Die lyn wat ek gaan volg, is: wat is Christelike tug; selftug; tug in die gemeente in lyn met tug in die kerkverband.

2 Wat is Christelike tug?

Dit is nie onnodig of oorbodig om hierdie vraag te stel nie. Veral nie terwyl ons in die drukkoker sit nie. Tug kan, terwyl 'n mens onder druk verkeer, al te maklik in 'n monsteragtige vorm van inkwisisie ontaard – na al kante toe. Oor tug bely ons in Sondag 31 dat dit 'n sleutel van die koninkryk van die hemele is. In verband met die sleutel vestig ek die aandag op vier sake:

- Die rede vir tug. Tug mag nooit weens frustrasie of woede of persoonlike verontregting plaasvind nie. Die rede vir tug word verwoord in antwoord 85: volgens die bevel van Christus moet dié wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra, getug word.
- Die basis van tug. Die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem (Heb 12:6). Liefde is die basis vir tug; liefde vir God en vir die naaste. Tugteloosheid is liefdeloosheid.

- Die werking van tug. Kortliks: die sondaar moet op sy sonde gewys word. Sonde moet dus op grond van die Skrif (en belydenis) duidelik en onomwonde as sonde aangewys word. Dit moet herhaaldelik en broederlik geskied (antw 85), met die volle bewussyn dat die mens wat die tug bedien self swakke mens is (Galasiërs 6:1 – 'Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie').
- Die doel van tug. Behoud, inkeer en terugkeer na God. Tug dryf nie weg nie, maar soek op. Tug bind saam. Tug bind bo alles aan God (die stok en staf van Psalm 23).

3 Selftug

Christus waarsku (Matteus 7:1-5): 'Waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?' Dié waarskuwing het betrekking op almal in die drukkoker. Voordat daar sprake kan wees van tug na buite, moet daar tug na binne plaasvind. Dit beteken konkreet: ons moet ons voortdurend verantwoord oor ons eie gedagtes, bedoelings, besluite, uitsprake en optrede. Al te maklik aanvaar 'n mens jou eie standpunt as vanselfsprekend korrek. Ons word gedwing om te toets: is dit werklik korrek? Die refleksies wat in die bogenoemde Kerkblad uitgespreek word: hou dit water, of nie? Ons durf nie dink: dis maar net hierdie of daardie persoon wat dit en dat sê nie. Dan speel ons die man, en nie die bal nie. God roep ons tot verantwoording oor die bedoelings en aanpak van onder andere hierdie konferensie.

Na my mening is adv Eloff verkeerd in haar oordeel dat daar te veel tyd aan die suiwerheid van die leer bestee word. Die Skrif leer ons uitdruklik dat ons die geeste op die proef moet stel of hulle uit God is (1 Tess 5:21; 1 Joh 4:1). Dwaalleraars lê soos wilde wolwe en loer op die kudde van die Goeie Herder (Handelinge 20:28,29). Om sonder enige begronding te reken dat die vraagstukke grond-

liggend aan die nagmaal-kelkie, die nuwe Psalmomdigting en die vrou in die besondere amp op eksklusiwiteit dui, is ondeurdag. 'n Mens moenie dit ignoreer as iemand jou daarop wys dat die wolf huil terwyl jy dink dis 'n skaap wat tevrede blêr nie. Tog is adv Eloff reg as sy ons wys op ons taak in God se koninkryk. Daardie oproep mag nie in die wind geslaan word nie. Selftug: Ons moet onsself eerlik ondersoek – tree ons werklik daadkragtig ooreenkomstig die suiwer leer in die koninkryk op? Waar is die positiewe Gereformeerde stem waar dit kom by onderwys, filosofiese denke, wetenskapsbeoefening, en dies meer?

Ek meen verder dat prof du Plooy se kritiese afwysing van hierdie konferensie nie korrek is nie. Tevore het prof du Plooy 'n soortgelyke opmerking oor die sogenaamd onkerkordelike optrede van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel gemaak – asof alleen die meerdere vergaderings hulle in kerklike sake mag verdiep. Natuurlik is dit slegs kerklike vergaderings wat bindende besluite neem. Maar dit neem nie weg dat kerke ook op 'n ander wyse koppe by mekaar kan sit om te besin oor wat ons in die lig van God se Woord te doen staan nie. As dit nie meer sou kon nie, het ons in die donker put van sinodokrasie verval. Wat belangrik is, is dat dit wat hier bespreek word, oop en eerlik en vir almal toeganklik moet wees. Ons moenie 'n mentaliteit van 'n geheime organisasie openbaar waarvolgens slegs enkele ingeligtes wat met die hand uitgesoek is sal bepaal in watter rigting die kerk van Christus gemanipuleer moet word nie. Weereens is selftug noodsaaklik. Wat in die binnekamer gesê word, moet ook in die kerklike tydskrifte gepubliseer kan word. Wat wel eienaardig (sterker nog: hartseer) is, is die opmerking: 'omdat almal wat belang het by die saak nie daar wil of kan wees nie'. Hoekom sal iemand wat werklik en van harte belang het by die saak wat hier bespreek word – al stem hy nie met al die gespreksgenote saam nie – nie hier wil wees nie?

Prof Vorster se opmerking in Die Kerkblad verdien ook aandag. Die kwessie wat hy aanraak oor die sinode wat nie duidelikheid oor sake het nie, en dit dan maar aan die plaaslike kerk oorlaat om onder leiding van die Gees volgens die Woord van God mee te

handel, boor in die hart van ons probleem. Hoekom sal kerkrade duidelikheid oor sake kry as die sinode dit nie kry nie? Is die Skrif op kerkraadsvlak duidelik, maar op sinodevlak onduidelik? Ons weet die probleme lê elders. Nie by die duidelikheid van die Skrif nie, maar by die duidelike onduidelikheid van die kerke wat in die meerdere vergadering byeenkom en die maneuver om van beginselsake middelmatige sake te maak en dit sodoende van die sinodetafel weg te wentel. Selftug impliseer dat ons absolute duidelikheid oor die duidelike Skrif moet hê. Daardie duidelikheid moet ons met mekaar deel, sonder om 'n spel van wesenlik en middelmatig te speel. 'n Enkele opmerking oor prof Vorster se stelling met betrekking tot gehoorsame uitvoer van sinodebesluite. Hy beklemtoon tereg die bindende krag van sinodebesluite, alhoewel die term tensy van atikel 31 KO met totdat vervang is. Die implikasie hiervan is dat, indien iemand op grond van Skrif, belydenis en/of kerkorde oordeel dat 'n bepaalde sinodebesluit ongeldig is, hy/sy in sy/haar gewete aan die besluit gebind is totdat 'n beswaar daaroor aangehoor en uitspraak gelewer is. Dit kan nie. Dit mag nie. Die oomblik as tensy totdat word, regeer die mens, en nie die Here deur sy Woord en Gees nie.

Vraag: tot watter mate word prof Vorster se oproep om die bindende 2003-besluit insake die afwys van nagmaalkelkies in die kerke uitgevoer?

4 Tug in die gemeente in lyn met tug in die kerkverband

Die tughandeling behels dat sonde as sonde uitgewys moet word. Op grond van Skrif en belydenis moet daar klinkklaar aangetoon word waar en hoe iemand dwaal ('n onchristelike leer huldig) of die wet van God oortree (hom onchristelik gedra). As die sonde uitgewys word en die betrokke lidmaat steeds daarin volhard, is dit duidelik wat Christus verder van sy amspdraers verwag. Volharding in sonde lei tot weerhouding van die sakramente en – as God dit nie verhoed deur inkeer te bewerk nie – uitsluiting uit die kerk en

daarmee saam uit die koninkryk van Christus. Met dien verstande: hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle daadwerklike verbetering beloof en bewys.

As hierdie tugprosedure wat binne die gemeente geld van toepassing op die kerkverband gemaak word, kom ons myns insiens by die volgende uit:

- Dwaling moet as dwaling aangewys word – met bewyse uit die Skrif (en die belydenis). Iemand individueel kan dit doen, of lidmate gesamentlik, of in 'n konferensie, of hoe ook al. Die adres waaraan die aanwys van dwaling gerig moet word, is egter ordelik gereël: die vergadering wat die gewraakte besluit geneem het, moet hoor dat sy besluit verkeerd is en waarom. Daar moet uitdruklik vir inkeer/regstelling gevra word. Dit geskied normaalweg by wyse van 'n beswaarskrif.
- As daar in dwaling volhard word – wat dan? Dan is die weg tot revisie (versoek om hersiening) of appèl kragtens artikel 31 KO oop. Wanneer hierdie weg bewandel word, moet dit baie duidelik uit die stukke blyk dat daar van God se Woord af weggedwaal word, en dat die meerdere vergadering opgeroep word om dit so uit te spreek en orde op sake te stel.
- As die kerklike weg tot by die Nasionale Sinode bewandel is en daar steeds in dwaling volhard word – wat dan? Dan bly daar een weg oor: 'n laaste appèl word op die kerke in die kerkverband gedoen om besluite te heroorweeg. In daardie laaste appèl sal dit baie duidelik gestel moet word watter standpunte teenoor mekaar staan, hoe ernstig die aard van die verskil is, en dat dit die wese en voortbestaan van die gemeenskap van gelowiges in die kerkverband raak. Daar kom dus 'n punt wat 'n kerkraad op grond van Gods Woord moet sê: as u hierdie afwykende standpunt bly huldig en vir vas en bindend aan die kerke oplê, kan en mag ons u nie meer as broeders in Christus erken nie.

Dr D Martyn Lloyd-Jones het in verband hiermee gesê:

Lidmate wat oortuig is dat dit tyd geword het om te onttrek of selfs af te skei, moet die volgende vrae voortdurend aan hulleself stel:

- Is ek absoluut seker dat Christus se eer regtig hier betrokke is, of dat my basiese Christelike vryhede hier bedreig word?
- Is ek op pad uit omdat dit makliker is, en is ek besig om maar net die weg van die minste weerstand te volg?
- Is ek op pad uit omdat ek ongeduldig is? (Of uit woede en aggressie? J Mostert).
- Is ek op pad uit omdat ek selfingenome is en dit nie kan verdra nie om 'n "Broer van die 'common lot'" te wees, met al die nadele sowel as die geestelike voordele daarvan?

Lidmate wat, aan die ander kant, oortuig is dat hulle in die kerk behoort te bly, moet die volgende vrae voortdurend aan hulleself stel:

- Bly ek binne en sluit ek nie aan by diegene wat moontlik besig is om die Here se stryd te stry nie, omdat ek 'n lafaard is?
- Bly ek binne omdat ek besig is om myself te probeer oortuig dat ek 'n man van vrede is en omdat vrede vir my ten alle koste gesoek moet word?
- Bly ek binne omdat ek maar net 'n weifelaar is of dalk tans op 'n baie lae geestelike peil is?
- Word ek hierin geswaai deur een of ander eie gevestigde belang of enige geldelike oorwegings?
- J Mostert het self die vraag bygevoeg: bly ek binne omdat ek eenvoudig verknog is aan "my eie tradisie"?

(Oorgeneem uit 'n referaat wat ds Jan Mostert op 3 Maart 2005 by die Teologiese Konferensie van die NG Kerk Welkom-Wes gehou het. Hierdie vrae het dr Martyn Lloyd-Jones gestel op 4 Oktober 1947 by die London reünie van die graduates Fellowship van die IVF. Hy moes praat oor "The position of Evangelicals in their churches" en is spesifiek gevra om die hele kwessie van afskeiding te behandel. Sien Murray, Iain H 1990, D Martyn Lloyd Jones: the fight of faith, 1939 – 1981, Edinburgh: Banner of Truth Trust, p.184)

Frustrasies op die kerklike weg is vele. Talle lidmate en kerkrade wat hulle met beswaarskrifte en appèlle na meerdere vergade-

rings gewend het en wend, ondervind hoe dikwels daar op ‘n regstegniese wyse van lastige vrae ontslae geraak word. Oor en oor ervaar ‘n mens dat daar nie mooi geluister word nie, nie eerlik en diepgaande op argumente ingegaan word nie, nie klinkklaar geantwoord word nie. Die verskynsel van ‘n meerderheids- en minderheidsrapport en ‘n daaropvolgende stemming wat meer na ‘n demokratiese verkiesing as Christus-regering lyk, neem toe. In plaas van eenstemmigheid is daar ‘n stemtellery wat tot ontstemming lei. Desnieteenstaande bly ons gebind aan Christus se roeping. Ons het ‘n taak, totdat dit blyk dat die teenparty met woord en daad laat blyk dat hy nie aan God en sy Woord gebind wil wees nie. By daardie taak moet ons bly. Terwyl ons daarby bly, plaas ‘n wag voor die hart en die mond oor die aanplant van ‘n nuwe seringboom.

Toegepas op ons probleme: is kelkies, vrou-in-die-amp, 2001-omdigting rede om die kerk te verlaat? Nee. Nou moet:

- Gestudeer word
- Getuig word
- Die orde van Christus gehandhaaf word

Lidmate op die platteland wat in ‘n kerklike woestyn geland het, het hulp dringend nodig – nog meer nodig as lidmate in die groot stede wat dikwels in die naaste omgewing ‘n kerklike tuiste kan vind. Vir almal geld dieselfde opdrag: handhaaf God se orde. Moenie wanorde met wanorde bestry nie. Bewandel die kerklike weg tot op die einde. Soek u broeders en susters op wat saam met u die Here van harte liefhet en dien. Maak kontak met medegelowiges elders in die land – elektronika maak baie deure oop. Studeer in Gods Woord. Bekom preke wat u stimuleer in geloofsgroei. Bid vir mekaar.

4 ‘n Laaste opmerking

Ons worstel nie met kitsprobleme nie. Ons het dus ook nie kitsantwoorde en ‘n kitsoplossing nie. By dit alles: niemand van ons kan die treë op die pad van kerklike reformasie vooruit bereken

nie. Daar is geen vooraf opgestelde plan van wat volgende week en volgende jaar moet plaasvind nie. Die Here verwag van almal van ons paraatheid op ons voorpos. Dit is geen mooiklinkende retoriek nie. In die lig van wat gesê is, is daar 'n duidelike Godgegewe roeteplan wat gevolg moet word. Mag God genade, uithoudingsvermoë, selfverloëning en wysheid gee om by sy roeteplan te bly.

Bibliografie

BOUMA, H. 1988. De kerkorde, regel voor vrede in de kerk. Ermelo: Woord en Wereld. 71 p.

BOUWMAN, C. 2000. Spiritual Order for the Church. Winnipeg: Premier Publishing. 274 p.

BOUWMAN, H. 1912. De kerkelijke tucht. Kampen: Kok. 320 p.

BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerd Kerkrecht. Tweede deel. Kampen: Kok. 704 p.

DE GIER, K. 1989. De Dordtse Kerkorde. Een praktische verklaring. Houten: Den Hertog B.V. 441 p.

GREIJDANUS, S. s.j. Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. Enschede: Boersma. 43 p.

HARMANNIJ, K. 1990. Wegwijs in de kerkorde zoals die is vastgesteld door de generale synode van De Gereformeerde Kerken in Nederland. Barneveld: Uitgeverij De Vuurbaak. 152 p.

JANSEN, J. 1923. Korte verklaring van de Kerkenordening. Kampen: Kok. 363 p.

MEULINK, H. & DE WOLFF, I. 1967. Korte verklaring van de Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland gelijk deze het laatst is herzien op de Generale Synode van 1951 te Kampen. Enschede: Boersma. 128p.

RUTGERS, F.L. 1892. College-voordrachten DKO, 1892vv ed. J. de Jong. Rotterdam. p. 115-122.

SPOELSTRA, B. 1966. Die tweede afdeling: oor die kerklike samekomste of vergaderinge. (In Kruger, L.S. et al. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege. p. 175-326).

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die GKSA. 489 p.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die kerkorde: 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde. Potchefstroom: PTP. 278 p.

VAN RONGEN, G. 1995. Decently and in Good Order. The Church Order of Dordrecht as revised by the 1994 Synode of the Free Reformed Churches of Australia, commented on by G van Rongen. Kelmscott: Pro Ecclesia Publishers. 103 p.

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in Praktyk. Orkney: EFJS Drukkers. 386 p.